# *JESUS CHRISTUS DIESELFDE GISTER, VANDAG, EN TOT IN EWIGHEID*

Aangename kennis? Julle mag maar sit. Hierdie is beslis 'n voorreg om weer terug te wees, vanaand, in Beaumont, Texas. Vandat ek die eerste keer hier was, wou ek altyd weer terugkom om te preek en gemeenskap te hou rondom die Woord van God met julle dierbare mense, weer, julle was altyd op my hart. Ek kan baie groot dinge onthou wat gebeur het die laaste keer wat ek hier in Beaumont was. So, ek dink dit was omtrent twaalf jaar gelede, omtrent.

2 Ek onthou daar was, die mense, ons het pas 'n groot diens gehad oorkant by Houston. Toe ek. . .Of het ek van hier na Houston toe gegaan? Hier, van Houston, hiernatoe. En dis waar die Engel van die Here afgekom het, hulle het 'n foto Daarvan geneem. En dis net. . .Ek dink hulle het omtrent ses of agt foto's Daarvan sedertdien, julle weet, verskillende plekke, drie in Duitsland net onlangs. Hulle het een in *Kodachrome* kleur, bo by die, iewers by 'n skougronde in Kalifornië, Lakeport, Kalifornië, waar die Christen Sakemanne gehad het. . .Dis 'n, regtig, 'n pragtige foto van Sy Teenwoordigheid, daardie amber Vuur wat rondom brand.

3 Hierdie een, natuurlik, is geneem met 'n swart-en-wit, en dit wys Dit net as wit, maar Dit is na regte 'n amber Lig. En soos ek altyd gesê het sedertdien, soos een van hierdie klein seuntjies hier, dit was 'n, ek het gesê 'n groenerige-geel. Ek het nie geweet wat *amber* was nie, so ek het net 'n groenerige-geel gesê.

4 Toe ek nou die dag gehoor het die kêrels het—het gebid, en, oor waarnatoe om te gaan toe ons op die eerste van die jaar vertrek het, en die eerste plek wat op my hart geval het, was Beaumont, Texas. Ek het gesê: "Het jy enige kontakte?"

Hy het gesê: "Verskeie."

5 Ek het gesê: "Begin hulle dan skakel. Ons sal van daar af begin, en net kyk waarnatoe die Here ons sal lei." Hierdie is ons eerste diens na die—die eerste van die jaar.

6 'n Rukkie gelede, het my seun vir my gesê, en ons het afgekom saam met Broer Jack Moore se dogter van die hotel af, of motel, liewer, hulle het gepraat, en ek dink Billy het vir my gesê dat die broer, die pastoor van hierdie kerk, ek het hom nog nooit ontmoet

nie, tensy dit hy is met wie ek net hier handgeskud het, wat vir jare gebid het om terug te kom na Beaumont.

7 O, ek—ek sal nooit weet hoe om getroue vriende soos daardie te waardeer totdat ons die rivier oorsteek, een of ander tyd nie, 'n man wat soveel glo in 'n bediening wat die Here Jesus my gegee het. Geen wonder ek kon nie aan enigiets anders dink behalwe Beaumont hierdie keer nie. Gebed verander sake.

8 En ek het gehoor dat daar nog 'n broer was wat by hom aangesluit het in gebed wat heengegaan het na die Hiernamaals. Billy het my daarvan vertel 'n paar oomblikke gelede, soos ek en Jack, en hy van die hotel afgekom het. Wel, sonder twyfel vanaand, in 'n beter Land as wat hierdie is, moet hy daarvan weet.

9 Ek glo dat—dat wanneer 'n man sterf, hy net, *dood* beteken: "skeiding," hy word net sigbaar van ons geskei, maar hy's altyd lewendig. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." O, ek—ek glo dit!

10 Ons kan nie sterf nie, het Ewige Lewe. Ewig, enigiets wat Ewig is, het nooit 'n begin of 'n einde gehad nie, so dis God se Eie Lewe. Ewige Lewe kom van die Griekse woord daar, *Zoe* wat beteken: "God se Eie Lewe" is in ons. En wanneer ons seuns en dogters van God word, dan lewe ons net soos God lewe, kan net so min sterf as wat Hy kan sterf, so ons is 'n deel van Hom. Is julle nie bly om seuns en dogters van God te wees nie? Wat 'n wonderlike ding!

11 Julle weet, ek dink van die beste dienste wat ons ooit het, is in kerke. Nou, ek hou van . . . Soms kom die dienste, julle weet, by 'n plek waar ons, skares groot is, ons kan nie ingaan in die, by klein kerkies, ensovoorts, of die groot kerke nie, maar daar's *iets* aan 'n kerkhuis. Nou ek hoop nie julle sal dink dat ek een of ander vreemde idee gekry het vandat ek julle laas gesien het nie, maar, julle weet, ek glo dat 'n plek, 'n kerk, is waar God bly, Engele woon by die kerke, dis 'n plek wat toegewy is aan diens van God.

12 Buite in hierdie ouditoriums, en dinge, vind ons hulle hou partytjies, danse, drinkery, en alles, en jy voel die—die gees wat net nie reg voel nie. Dit lyk net asof dit 'n . . . En, andersins, werk die Heilige Gees altyd soveel anders as jy in 'n kerk is, julle weet, iewers, veral in 'n goeie, Geesvervulde kerk, waar die mense gevul is met die Heilige Gees, en groot tekens en wonders vind plaas, en mense wat glo hierdie dinge is waar.

13 Die mense is die kerk. Die *kerk* is 'n woord wat beteken "uitgeroep." Dis 'n liggaam van mense wat uit die wêreld geroep is om saam met God te wandel, dit is die kerk. Ek is so bly om een van daardie te wees, vanaand. As ek 'n honderd lewens gehad het om te lewe, en daar was geen hiernamaals nadat ek gesterf

het nie, sou ek nog steeds elkeen van hulle wou lewe vir Jesus Christus, dis reg, ek, dis wat dit vir my beteken.

14 Broer Jack het vir my die advertensie gewys, ek het gisteraand by sy kerk gestop, op pad hiernatoe, 'n baie goeie, geestelike kerk by Shreveport, Louisiana, en hy het vir my 'n foto gewys wat hy in die koerant gesit het toe ek 'n paar jaar gelede daar was, nogal 'n verandering, persoon sou nie weet dit was dieselfde persoon nie. Maar daar's *op een of ander manier* in hierdie menslike liggaam wat ons oud word en verrot, dis al, maar ons gees bly dieselfde, en kan nie sterf nie.

15 Ek het gisteraand by Broer Jack se kerk gesê, ek het gesê: "As ons kon verstaan, *hierdie* is my hand, *hierdie* is my vinger, *hierdie* is my oor, *hierdie* is my neus, *hierdie* is my oë, maar wie is *ek*? Wie is *ek* wat hierdie het? *Hierdie* is nie *ek* nie, *hierdie* is iets wat ek het." Sien, jy is gees, julle het *my* nooit gesien nie, julle het gesien wat myne is wat *my* verklaar, maar julle het *my* nog nooit gesien nie.

16 Soos die Bybel gesê het: "Niemand het God ooit gesien nie, maar die Eniggeborene van die Vader het Hom verklaar." God was in Christus om die Wêreld met Homself te versoen. Hulle het gesien wat God was, want Hy het Homself uitgebeeld deur Christus, want Hy het die Volheid van die Godheid liggaamlik gehad, Hy kon *Hom* uitbeeld.

17 Maar nou, en dan omdat ons seuns en dogters van God is, en mede-erfgename saam met Hom in die Koninkryk, dan beeld ons Hom uit in ons lewens. Partymaal, as—as baie van ons net ons preke sou lewe in plaas van om dit te preek, dink ek dit sou beter wees—wees, as ons net voortgaan en die preek leef. Julle weet dis baie beter om vir my een te lewe as wat dit is om vir my een te preek, glo ek, want ek kan—ek—ek kan jou lewe sien. God kyk na ons lewens, en die wêreld kyk na ons lewens, hy wil weet wat ons lewens is.

18 En mense ken ons, maak nie saak nie, ons—ons optrede spreek so hard dat dit ons getuienis uitdoof. Hang af van wat ons sê: As ons Christene is, en dit nie lewe nie, dan weet die mense beter; maar wanneer ons Christene is, en sê ons is Christene, en lewe soos Christene, sal ons lewens dit doen as ons nooit iets anders gesê het nie. Ons lewens, ons is geskrewe briewe, gelees deur almal, so hulle kyk na jou wandel.

19 En ek het nou die dag daaraan gedink om verseël te wees deur die Heilige Gees, 'n seël is gemerk aan beide kante, hulle sien jou aankom, en sien jou weggaan. Lyk soos 'n Christen wat aankom, jy lyk soos 'n Christen wat weggaan, so, wanneer jy verseël is deur die Heilige Gees.

20 So vanaand het ek—ek 'n spreker by my, Broer Jack Moore, ek is seker almal van julle ken hom. En—en ek het afgekom om soort van te bid vir sommige van die siek mense, en Broer Jack sou

die preekwerk vir my doen, so ek is seker julle het sy boodskap geniet, hy—hy's 'n goeie spreker.

21 En—en ek—ek's nie 'n prediker nie, so ek het net soort van altyd gesê ek is 'n spaarwiel; en die spaarwiel, jy gebruik dit wanneer jy 'n papwiel gekry het. Nou, ons het nie enige papwiele nie, julle kan dit vanaand sien, maar op *een of ander manier* sal ons 'n bietjie op die spaarwiel rol, miskien, as die Here dit sal toelaat.

22 Nou, ek dink hulle het 'n ander plek waarheen hulle môre-aand gaan, ek sê dit vir die mense aan die buitekant, wat, ek glo, daar sitplek sal wees. Is dit reg, Broer, Pastoor? Maar ek is dankbaar vir die geleentheid om te kom as die antwoord van hierdie broer se gebed, ek is.

23 God seën hierdie kerk, seën hierdie broer, sy hele gemeente, die goeie klomp samewerkende pastore. Iemand het vir my gesê, ek vergeet hoeveel kerke ingekom het om saam te werk om 'n diens te hou. Ek waardeer dit beslis, broers. Ons is—ons is nie verdeeld nie, ons is almal een liggaam.

24 Dit is *so* bewys by—by Houston, toe die Engel van die Here Sy foto geneem het vir die eerste keer daar. Wanneer daar iets in gemeen is, Goddelike genesing op die spel was, wat ons almal glo, toe was ons verskilletjies vergete, almal het net reguit ingetrek, bymekaar gekom.

25 Ek dink. . . Toe Salomo die eerste tempel gebou het, was dit uitgekap van regoor die wêreld, ingebring met skepe, uitgekap uit die steengroewe, en die—en die seders bo by die Líbanon afgekap, en afgedryf na Joppe, en ingesleep met ossewa, ensovoorts. En dit was so meesterlik gebou dat, toe die tempel aanmekaar gesit is, dit allerhande klein, snaakse steentjies daarin gehad het, maar toe hulle die bloudruk begin lees het, was dit alles in die bloudruk, en daar was nie eens 'n gezoem van 'n saag, of geluid van 'n hamer vir veertig jaar in die bou van die tempel nie.

26 Ek dink dis hoe God Sy mense almal uitgekap het, een het 'n sekere geaardheid, een 'n ander, maar hulle is almal Christene, ingeboude stene, saamgevoeg op die Hoofhoeksteen, Christus Jesus. O, daar's die hoofsaak! Soveel verwerp daardie kosbare Hoeksteen, waarop ons almal saamgebou is, saamgesement is met God se liefde, dis reg, God se liefde. En wanneer ons dit het, is daar niks wat ons sal skei nie, daar's niks wat ons kan verdeel nie, solank ons mekaar liefhet.

27 Ek was 'n prediker vir een-en-dertig jaar, ek het allerhande soorte gawes gesien, ek het—ek het God groot dinge sien doen, maar die grootste ding wat ek ooit in my lewe gesien het, was liefde. Dis die sterkste krag wat enigiets stop wat daar is, is liefde, liefde wat 'n magtige God beweeg het. "God het die wêreld

so liefgehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het." Liefde is die hoofsaak, ding wat ons—ons uitlaat, dis iets wat Ewig is.

28 Ek het vandag gepraat, op pad saam met Broer Moore, ek het gesê: "Neem soos die liefde van, die liefde, 'n natuurlike liefde, minsame liefde, wat *phileo* liefde genoem word, Goddelike liefde is *Agapao*, maar in 'n phileo liefde, gaan jy uit, jy sien vir Maria en Martha, jy gaan uit met Martha, sê, en—en jy vind vir Maria, daar's iets omtrent Maria wat anders is as Martha, al is Martha die mooiste, maar tog het jy Maria die liefste." Nou, as daar 'n Maria en Martha hier is, ek nie . . . Ek gebruik dit net as 'n . . . julle weet.

29 "So, maar jy vind dis die meisie wat jy liefhet, daar's iets omtrent haar, sodra jy haar sien, jy weet jy het haar lief, jy dink: 'O, goeiste, as ek net een afspraak met daardie meisie kan kry!' Wel, uiteindelik kry jy, jy dink dit sal daardie gevoel bevredig, dit doen dit nie. Dan dink jy: 'As ek vas kan uitgaan met haar, sou dit dit doen.' Uiteindelik, gaan jy vas met haar uit, dit doen dit nie. 'As sy my net een of ander tyd vir haar goeie nag laat soen, sou dit dit doen.' Maar, uiteindelik, gebeur dít, en dit gebeur nie. 'Wel, as sy met my sou trou, weet ek dit sou dit doen.' Dit doen dit nie.

30 "Selfs familieverhouding, jy het haar so lief, voel asof jy haar die heelpad deur jou kan trek, en weer uitreik, en haar weer terugtrek, probeer—probeer om . . . Dis 'n kru uitdrukking, ek het dit nie so bedoel nie, sien. Maar ek—ek bedoel, wat ek probeer sê, jy het haar *lief*, haar *lief*, haar *lief*, en daar's geen plek wat jy kan vind . . . Wat is dit? Sy's deel van jou siel, sy's deel van jou, dis reg."

31 Dis—dis . . . En as . . . Dis hoe God is. Wanneer jy kom en Christus in jou hart vind, is daar geen plek waar jy kan stop nie, jy gaan net aan, *hierdie* diens, *daardie* diens, *hierdie* ding, *daardie* ding. Dis:

> Die liefde van God, hoe ryk en suiwer!
> Hoe onpeilbaar en sterk!
> Dit sal vir ewig bestaan,
> Gelowiges en engele se lied.

O, ek . . . Mense wat God se liefde probeer meet, een van hulle het geskryf:

> As ons die oseaan met ink sou vul,
> En die lug van perkament gemaak was;
> Elke stingel op aarde 'n veer,
> En elke mens 'n skrywer van beroep;
> Om die liefde van God Daarbo te skryf
> Sou die oseaan droog lê; (Goeiste!)
> En sou die boekrol die geheel kon bevat,
> Al sou dit strek van hemel tot hemel.

32 Wat die liefde van God is! So dis waarin ons glo, mekaar lief te hê.

33 Johannes, nadat hy teruggekeer het van die Eiland van Patmos buite in die Egeïese See, was die enigste ding wat hy kon sê: "Kindertjies, hê mekaar lief." Hy het gevind daar was *iets* wat eg was.

34 En dit was die dissipel wat Vuur op die stad wou afroep en hulle verbrand, omdat hulle Hom nie genoeg wou gee om te eet nie. Maar hoe Christus hom beetgekry en vir hom gesê het: "Jy weet nie watter soort gees jy is nie," het Hy gesê. "Probeer om lewe te vernietig, ons het gekom om lewe te red." Dis wat ons moet hê, is liefde vir mekaar.

35 In my bediening vandat ek julle gesien het, was ek feitlik oor die wêreld, verskeie reise oorsee, sewe of agt reise onder heidene, en oral, en ek vind dít, dat die magtigste ding waaraan ek kan dink, liefde is. As ek vir 'n persoon bid, as ek nie die gevoel van daardie persoon op my hart kan hê nie, werk dit nooit.

36 Wanneer ek daar kan dink: "Wat as ek in hulle plek gestaan het, wat as dit my baba was, wat as dit my moeder, my vrou, my suster, my broer was?" wanneer jy so vir hulle voel, dan begin iets uitbeweeg, gaan medelye uit en vang die pasiënt, bring hulle terug.

37 Nou, vriende, ek weet dat God julle liefhet. En nou, ons wil nie te veel van die tyd neem nie, want ek wil net 'n Skrif of twee lees, en soort van praat vir 'n oomblik of so, om, 'n paar oomblikke, liewer, om net soort van die gevoel van die Gees te vind.

38 Nou, elkeen van julle is 'n gees, julle weet dit, jy is vlees, jy het 'n liggaam, maar dis joune, wie is *jy* daarbinne? Sien? Dis jou gees, dis wat ons moet vang, is dit aan die binnekant. Ons bid, en vra God om ons te help.

39 Nou, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, soos ons Hom nader in gebed. Julle aan die buitekant, die Here seën julle. Kyk deur die vensters, sien mense hulle hoofde buig aan die buitekant, regte opregte Christene.

40 Genadige Here, ons is nou bymekaar, en so gelukkig dat ons kan, en gemeenskap hou met mekaar terwyl die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, ons reinig van alle ongeregtigheid. Ek dink net aan die baie gevare, swaarkry, en strikke waardeur ons is vandat ons laas hier ontmoet het, in Beaumont, Texas. Hoeveel, ons kan opstaan vanaand en getuig, elkeen van ons, waardeur ons van daardie tyd af gegaan het, en om te dink dat die genade van God ons so ver veilig gebring het, ons glo Hy sal . . . Sy genade is genoeg om ons deur te dra.

41 Ek dank U vir hierdie kerk, vir hierdie mense, vir die medewerkende kerke, vir al U kinders regdeur hierdie streek,

hier. God, ek glo Texas sal grootliks verteenwoordig word in die Hiernamaals, oor die dapper predikers, U diensknegte wat hierdie staat oorgesteek het, en 'n Evangelie voortgebring het en 'n volk vir U Koninkryk. Ek dank U vir elkeen van hulle.

42 God, verbind ons harte so heg aan mekaar met die bande van liefde, dat daar niks teenwoordig is, toekomstig, of wat kan kom, wat ons kan skei van die liefde van God wat in Christus is nie. Skenk dit, Here.

43 Nou, nader ons U om genade te vra, vanaand. ek veronderstel die grootste deel van hierdie mense in hierdie kerk, vanaand, is lidmate hier. Ek bid, Vader, dat U sal kom in groot krag, en elke siek of beproefde persoon sal genees wat in Goddelike Teenwoordigheid is. Ons besef dat hierdie seëning 'n seëning is wat U aan die gelowige gegee het, U het dit belowe, en ons glo elke Woord daarvan as die waarheid. Ek bid dat die groot Heilige Gees, vanaand, hierdie seëninge sal skenk, en ons sal U loof daarvoor, in die Naam van die Here Jesus.

44 En, Vader, ons vertrou dat in hierdie komende, afsluiting van hierdie week, en solank U wil hê ons moet hier wees, siele gered sal word, eerstens. Mag diegene wat nie die doop van die Heilige Gees het nie, inkom, en gemeenskap vind met God, en wandel in die Shekinah Heerlikheid van Sy Teenwoordigheid deur die doop van die Gees.

45 Ons bid dat U U diensknegte sal help, Here, die predikers, my broers, U kinders. Mag hulle so geïnspireer word dat hulle 'n nuwe houvas sal kry, die diens verlaat met 'n vasbeslotenheid, Here God, om die Evangelie verder te dra as wat hulle nog ooit het. Gee hulle siele as hulle loon, mag groot wonderwerke en tekens hulle bediening volg om die Here Jesus op te hef.

46 Seën elke kerk, vul elke kerk tot kapasiteit, Here, en mag ons nou ons tentpale ver anderkant die grense inkap. Mag ons dit selfs oor denominasionele grense inkap, Here, dat ons ons liefdevolle arm kan uitsteek na alle skepsels van God dwarsdeur die land, hulle in die gemeenskap van die Here Jesus intrek. Skenk dit, Here, en ons sal U prys, want ons vra hierdie seëninge, in Jesus Christus' Naam. Amen.

In die Evangelie voorlesings vanaand, net vir 'n kort tydjie nou voor ons die gebedsry begin, om te bid vir die siekes . . .

47 Nou, my seun, of Mnr. Goad hier oorkant, of Mnr. Mercier, drie van my medewerkers in die bediening, of miskien Broer Moore, party van hulle sal elke aand by die kerk wees om gebedskaartjies uit te deel, waar hulle ook al die diens gaan hê vir daardie aand.

48 Baie van julle onthou hoe ons dit die laaste keer gedoen het, die gebedskaartjies uitgedeel het, en dan iewers, wanneer ons daar inkom, wel, begin ons van een of ander nommer af en roep 'n groep mense na die platvorm toe. En partymaal deel ons nie

eens gebedskaartjies uit nie en—en bring hulle net lukraak op, en, of partymaal gaan die Heilige Gees uit oor die gehoor en kry hulle, in elk geval.

49 So dis nie, gebedskaartjies het niks te doen met—met jou genesing nie, 'n gebedskaartjie het niks daarmee te doen nie, dis jou geloof in God. As God voortgaan soos wat Hy het, sal julle dit uitvind binne die volgende aand of so, dat somtyds waar een hier op die platvorm genees word, daar vyftig daar buite is wat gedoen word.

50 En nie elkeen wat op die platvorm kom is genees nie, God genees volgens jou geloof, sien, nie volgens jou lidmaatskap nie, nie volgens jou geregtigheid nie. Ek het 'n gelowige sien verbygaan en hulle genesing mis, en 'n prostituut wat daarna opstap en genees word. Sien? Dis volgens jou geloof, dis gebaseer op jou geloof: "As jy kan glo, is alle dinge moontlik."

51 Nou, blaai na Johannes, die 12de hoofstuk, en ons gaan die eerste lees, uh, ek sal twee verse lees van die 12de hoofstuk van Johannes, die 20ste en 21ste vers, nie om te preek nie, maar net om 'n klein aanhaling te kry vir die salwing om in die gebou in te kom, en buite die gebou, waar dit ook al mag wees, dat God die mense mag genees vanaand.

52 Nou, ek wil hê julle moet julle gedagtes reguit op een ding vestig, op die Here Jesus. Nou, onthou, geen mens is 'n geneser nie, dis verkeerd. Alles wat God vir ons kon doen, is vir ons gedoen op Gólgota. En daar is waar elke plan, die plan van verlossing, waar die versoening vir genesing, en vir verlossing, waar elke eienskap van Sy Lewe aan ons gereflekteer kan word, dit is gedoen op Gólgota en volbring.

Jy sê: "Verlossing? Broer Branham, ek was nie gered op Gólgota nie."

Wel, as jy nie was nie, sal jy nooit gered word nie, dis reg. Jy is negentienhonderd jaar gelede gered.

Jy sê: "Nee, nee, Broer, ek is verlede week gered."

53 Nee, jy het dit verlede week aanvaar, maar die prys is betaal, jy is eintlik negentienhonderd jaar gelede gered, jy is negentienhonderd jaar gelede genees. Nou, wanneer wil jy dit aanvaar? Nou? Goed. Dis die tyd om dit te doen, nou. Nou, die werk is voltooi, alles is voltooi. Al die kom-. . .Alles wat ons nodig het in die reis van die aarde na die Heerlikheid, is voltooi in Christus, en Christus in jou.

54 Wanneer 'n boom. . .Julle mense hier in Texas het baie vrugte. Wanneer 'n boompie omtrent *so* groot is, sê 'n klein perskeboompie. . .Nou, my moeder kom van Parys, Texas, so ek's net 'n bietjie van 'n Texikaan, julle weet, so, genoeg om baie daarvan te hou, en sy mense. Nou, wanneer die boompie. . .Sy het gekom, die perskeland.

55 ’n Boompie nie meer as ’n half-duim hoog nie, het julle geweet elke perske wat ooit in daardie boom sal wees, is dan daarin? As dit nie is nie, waar kom dit vandaan? Dis in die grond geplant, en dit moet groei, en dit moet drink. En dit drink uit die water van die aarde, en daarbinne bring die vitamiene in, ensovoorts, bring in van die aarde af soos dit drink, en dit drink meer as sy gegewe porsie, so hoe meer dit drink, hoe verder stoot dit uit. Dit stoot takke uit, dan stoot dit blare uit, dan stoot dit bloeisels uit, dan stoot dit perskes uit.

56 Wel, dis hoe ’n Christen is. Wanneer ons geplant is in Christus Jesus, die onuitputlike Fontein van Lewe, dan is alles wat ons nodig het, binne-in ons, ons hou net aan drink en uitstoot, drink en uitstoot. As ons meer van God nodig het, hou net aan drink en uitstoot; as ons genesing nodig het, drink net en stoot uit. Dis al. Net . . .

57 God het vir Josua gesê: “Elke voet van die grond, waar ook al jou . . . Elke stukkie grond waarop jou voet trap, gee Ek vir jou as ’n besitting.” So voetspore het besitting beteken. En God het ons elke seëning gegee wat ons nodig het en voor sal vra, en enigste ding wat ons moet doen, is om dit te neem. Nou, God gaan dit nie bring en dit vir jou gee nie, jy moet dit gaan haal, dis joune. Verstaan julle nou almal? Ons moet dit in besit neem, dis ons s’n.

58 God het vir Moses onder in Egipte gesê: “Ek het vir jou die land gegee,” maar dit was beset deur Amoriete, Hetiete, en allerhande verskillende soorte *iete* en *miete*. Maar God kon soontoe gegaan het en ’n storm laat verbykom, en dit alles uitgevee, gesê het: “Kom in, kinders.” [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . doen dit nie so nie. Hy het gesê: “Ek het dit vir jou gegee, gaan neem dit nou.”

59 Nou, dit hang af waarna jy kyk. Daar was baie van die spioene wat gaan spioeneer het, wat teruggekom het, tien van hulle, en ’n slegte boodskap teruggebring het: “Ons kan dit nie doen nie, dit sou ons vernietig, hulle is groter as wat ons is,” dit alles. Maar twee het die bewys gehad, twee het teruggekom, want dit het afgehang van waarna hulle gekyk het. Die ander het gekyk na die Amoriete, en die Hetiete, ensovoorts, maar Josua en Kaleb het na God se belofte gekyk, daarom het hulle gesê: “Ons is meer as in staat om dit te doen.”

60 Nou, waarna kyk julle vanaand? Kyk na God se belofte, en hou aan drink en uitstoot. En as jy dit doen, gaan iets plaasvind.

61 As ek nie gedink het ek sou ’n seën vir julle wees nie, sou ek beslis nie hiernatoe gekom het nie, ek—ek sou dit nie doen nie. Ek sou nie kom, julle iets vertel om julle te mislei nie, want as ek nie geweet het dit is die waarheid nie, dan sou ek by die huis bly. Ek sou afkom en julle hande skud, julle besoek, huis toe gegaan, en gekyk het wie die beste kok het, en—en dan aangekom, teruggegaan het huis toe, saam met julle gaan visvang het, of *so-*

*iets*, of—of iets soos daardie. Maar ek weet dat die ding waarvan ek praat, Goddelike genesing, verlossing, daardie goed, werklik is, meer werklik as wat ons hier sit.

62 Nou, laat ons dit glo met ons hele hart soos ons lees. Johannes, 12de hoofstuk, 20 en 21ste vers:

> . . .*daar was sekere Grieke onder hulle wat opgekom het om by die fees te aanbid:*
>
> *Hy het toe na Filippus gekom, wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien.*

63 En nou, as ek dit 'n teksie sou noem, 'n praatjie, wil ek Hebreërs 13:8 neem, dit was my tema deur al hierdie jare: *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Tot in Ewigheid.*

64 Nou, laat ons net vir onsself hierdie vraag vra. Hierdie mense kom, en ek glo dat elkeen van ons vanaand is net soos hulle was, hulle het van Jesus gehoor, so hulle wou Hom sien. En ek—ek glo nie daar is enigiemand wat ooit kan hoor van daardie lieflike Persoon van die Here Jesus, maar wat sy hele hartsbegeerte is om Hom te sien nie. Toe ek die eerste keer daardie Naam gehoor het, is daar net *iets*, sulke minsaamheid Daaraan, ek—ek wou Hom sien.

65 Wel dan, as hulle begeer het. . .Hulle was mense, soos ek en jy is. En hulle het van Hom gehoor, en hulle het gekom om Hom te sien, en hulle begeerte was om Hom te sien, en hulle het die voorreg gehad om Hom te sien.

66 Nou, as Jesus Christus is, en God vergewe my om te sê *as*, ek bedoel nie om ontheiligend te wees nie, maar om 'n punt te maak, as Jesus Christus dieselfde *is* gister, vandag, en tot in ewigheid, en ons het dieselfde begeerte, waarom kan ons Hom dan nie sien, as Hy steeds dieselfde is nie? Nou, Hy moet dieselfde wees as die Bybel sê Hy's dieselfde.

67 Hy's dieselfde Verlosser, dieselfde Geneser, en net dieselfde as wat Hy was. Die enigste ding wat anders is in Hom, Hy's nou in 'n onsigbare liggaam, daar is waar Hy in 'n sigbare liggaam was. Maar Hy het belowe dat: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek," en *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die voleinding," of die eeu.

68 Nou, as Hy dieselfde is, en belowe het dat "Julle. . .Nou, 'n klein tydjie en die wêreld," dis die "kosmos," wat die *wêreldorde* beteken: "sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," dis die Kerk, die gelowige: "want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld," dan maak dit Hom dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Johannes 14:12, het Hy gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." So ons sien die Skrifte, ons kan nie daardie Skrifte ontken nie, Hulle is daar.

69 Nou, as ons nie geloof het om Hulle te laat antwoord nie, wel, laat ons net sê: "Ek glo dit, maar ek het nie geloof om dit te doen nie." Dis net soos, ek wens ek het geloof gehad soos Henog gehad het. Eendag het hy met God gewandel na vyfhonderd jaar, het 'n getuienis gehad dat hy Hom behaag het, en net moeg geword om sy voete op die grond te hou, 'n klein middagwandeling geneem, opgegaan Huis toe saam met Hom. Ek wens ek kon dit doen, maar as ek nie die geloof het om dit te doen nie, sal ek nie in iemand se pad staan wat geloof het om dit te doen nie, ek sal God dank vir daardie geloof wat dit kan doen.

70 Dis hoe ons moet dink, ons sien party word genees, ander mis dit. Wat is dit? Dis net 'n gebrek aan geloof, dis al. God behandel nie—behandel nie Sy kinders op een, *een* manier, en een, op 'n *ander* nie, dis gebaseer op geloof, en ons moet dit glo.

71 Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dan as ons daardie selfde vraag kon vra . . . Nou, hier is ons, baie van julle mense wat God gedien het, toe ek 'n babaseuntjie was, 'n sondaar, het julle God gedien, en ek dink dat ons 'n reg het om te kom en God daardie selfde vraag te vra wat hierdie Grieke gevra het, "Meneer, ons wil Jesus graag sien. Ons wil Hom graag sien."

72 En ek wonder dit vanaand: "Sou dit wees die . . . ? Sou dit wees wat hierdie groep kinders van God hier by Beaumont, Texas, sou julle graag wou—sou julle Hom graag wou sien? Ek sou Hom baie graag wou sien. Ek . . .

73 Is dit moontlik dat ons Hom kan sien? Dink julle so? Sekerlik. Ons het baie maniere waarop ons Hom kan sien as die persoon nie geestelik blind is nie. Ek het Hom vanmiddag gesien toe die son gesak het, ek sien Hom buite op die skuimende golwe van die diepte, ek sien Hom in die môrester, in die aandster, ek hoor Hom skree in die arend wanneer hy afkom oor die berg, ek hoor Hom huil in die wolf, ek hoor Hom—ek hoor Hom bulk in die eland, knor in die takbok, wel, sekerlik, ek hoor Hom huil in 'n baba.

74 Julle weet, Hy was eens Self 'n Baba gewees. Praat van 'n teken! Jesaja 9, toe hulle gevra het vir 'n teken, het God vir hulle 'n superteken gegee: "'n Maagd sal swanger word, en 'n Kind baar. Sy Naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, Sterke God, die ewige Vader."

75 Dit moes treffend gewees het, Jehova, 'n Baba, Jehova God, 'n Baba wat huil in 'n krip oor 'n hoop mis in die—in die krip. Dit moes treffend gewees het, Jehova, 'n tienerseun, wat speel; Jehova, wat spykers inkap soos 'n Skrynwerker. O, goeiste! En bowenal, Jehova aan 'n kruis vasgespyker om sondaars te red, dit behoort treffend te wees.

76 Ons kon Hom sien, Hy is nie dood nie. Nie lank gelede nie, het ek gepraat met, in Mexiko, Broer Jack was daar daardie aand. Omtrent . . . ons . . . Omtrent dertigduisend mense

het bymekaargekom, en ons het gebid, en God het tekens en wonderwerke gedoen. En daar was 'n vroutjie daar onder, sy het 'n baba gehad, en die dingetjie het nege-uur gesterf daardie oggend, dit was omtrent nege-uur daardie aand, en dit het gereën.

77 En—en so, het Billy na my toe gekom, hy het gesê: "Pappa, daar's geen manier om daardie vrou uit die ry uit te hou nie." Gesê: "Jy kan haar net nie beheer nie," gesê: "sy—sy's buite haarself."

78 En ek het gesê: "Wel, het julle almal gebedskaartjies uitgegee?" En die broer se naam, ek, ons het hom net *Mañana* genoem, omdat hy so stadig was, so hy was die een wat die gebedskaartjies uitgegee het.

79 Gesê: "Maar sy het nie 'n gebedskaartjie nie, en hy het nie meer nie." En gesê: "Sy het hier gestaan, en sy het nie 'n gebedskaartjie gekry nie." Gesê: "Ons het 'n klomp plekaanwysers, en hulle kan haar nie eens uit die ry uithou nie."

80 Ek het vir Broer Moore gesê: "Gaan jy af, bid vir die baba, sien," het Broer Moore afgestuur. En so, toe Broer Moore begin afgaan het, het ek voor my uitgekyk, en ek het 'n babatjie gesien, klein Mexikaanse babatjie wat voor my sit, wat net kraai en lag. Ek het gesê: "Wag, miskien beter ek afgaan."

En so, die kombersie was nat. Hulle het haar gebring, en sou gou as wat sy gekom het, het sy begin uitroep: "Padre, padre!"

81 Ek het gesê: "Net 'n oomblik, dame." Sy kon nie Engels praat nie. En sy het die baba onder 'n kombers gehad. My hande op die babatjie gesit, en ek het gesê: "Here Jesus, net 'n paar oomblikke gelede het U my 'n visioen gewys. Is dit daardie babatjie wat U my gewys het? Dood was van daardie, vanmôre af, en dit daar gesit en lag het?" En toe ek begin bid het, het die kêreltjie begin skop en skree onder daardie kombers.

82 En ek het gesê: "Nou, moet dit nie berig voordat julle die dokter die verklaring laat teken dat die baba vanmôre om nege-uur gesterf het nie." En hy het.

83 Nou, wat is dit? God is Lewe, Hy is Lewe, Ewige Lewe vir daardie. . .Die gees van daardie dooie baba teruggeroep in daardie kêreltjie se liggaam.

84 Nou, God, as Hy so groot is. . .Hier 'n tyd gelede, daar bo waar ek woon op die Ohiorivier, was daar 'n klein seuntjie wat altyd afgegaan het na die rivier, en hy sou, saam met 'n ou visserman gaan. Hy het altyd na my kerk toe gekom, hy het lang, wit baard gehad. Daar was 'n plek net bokant ons met die naam van die Ses Myl Eiland, ons het altyd daarbo visgevang, en die ou visserman het sy nette gehad, en dinge, daarbo. So, die seuntjie sou saam met hom in die rivier opry om hierdie nette uit te gooi.

85 En so, die seuntjie het Sondagskool toe gegaan daar in die stad. En hy het een oggend gegaan en sy moeder gevra: hy het gesê: "Moeder," gesê: "verlede Sondag," gesê: "het my Sondagskoolonderwyseres my vertel hoe groot God is. Gesê Hy vul alle ruimte, Hy het nooit begin nie, ensovoorts." Gesê: "As Hy so groot is, as Hy so groot is, dan is Hy groter as wat ek is;" en gesê: "as Hy groot is, so groot, is Hy groter as die berg; as Hy so groot is, is Hy groter as die rivier," en gesê: "Ek kan al daardie dinge sien, so hoekom kan ek God nie sien, as Hy so groot is nie?" Dis nogal 'n goeie vraag.

So sy het gesê: "Nou kyk, Skat, ek's nie 'n Sondagskoolonderwyseres nie, gaan vra jy jou Sondagskoolonderwyseres."

Wel, hy het na die Sondagskoolonderwyseres toe gegaan, sy het gesê: "Ek kan dit nie antwoord nie, gaan na die pastoor toe."

En die pastoor het gesê: "Wel, nee, seun, geen mens kan God sien nie."

Gesê: "Wel, hoe . . . ? Hy wat so groot is, kan ons Hom nie sien nie?"

Hy het gesê: "Nee, niemand kan Hom sien nie."

86 Wel, gesê hy het nie baie van daardie antwoord gehou nie, maar hy het aangegaan, want dit was die hoogste orde wat hy kon, gedink het hy na toe kon gaan, was die pastoor.

87 So, eendag op pad in die rivier af saam met die ou visserman, het daar 'n storm opgekom, en die ou visserman het teen die oewer vasgemeer. En so, na die storm verby was, het die—die twee saam in die rivier begin afgaan. En, o, hoe die lug, so vars na 'n reën!

88 En—en die son het ondergegaan in die weste, en in die ooste het daar 'n reënboog gekom. En die seuntjie wat in die—in die agterkant van die boot sit, die ou visserman wat die roeispane roei, het hy opgelet dat yslike groot, wit, kristal trane teen sy grys baard afgeloop het. En die seuntjie het omgekyk om te sien waarna hy gekyk het, dit was 'n reënboog.

89 So hy . . . hulle het . . . Die godsdiens was vir 'n geruime tyd nie onder hulle genoem nie, so, hy het opgegaan na die voorkant, na die middel van die boot, en hy het vir hom gesê, hy het gesê: "Meneer, ek gaan vir jou 'n vraag vra wat my ma, Sondagskoolonderwyseres, of pastoor my nie kan antwoord nie." Hy het gesê: "God het daardie reënboog gemaak, het Hy nie?"

Hy het gesê: "Ja, meneer, hy het, seun. Hy het dit gegee, 'n belofte dat Hy nie meer die wêreld met water sou vernietig nie."

Hy het gesê: "As God so groot is, meneer, as Hy so groot is, waarom kan ek Hom dan nie sien nie?"

90 Die ou visserman, oorweldig deur die klein seuntjie se vraag, het die roeispane in die boot ingetrek, sy arms om die seuntjie gesit, en hom vasgedruk teen sy bors, hom opgetrek, in sy gesig gekyk, hy het gesê: "God seën jou hartjie, skat. Al wat ek die afgelope veertig jaar gesien het, was God."

91 Hy het soveel God aan die binnekant gehad, hy kon Hom aan die buitekant sien. Nou, dis hoe jy God moet sien, is om Hom aan die binnekant te kry, en Hom deur jou oë te laat kyk. Maar, julle weet, die kerk het min of meer soos in 'n verlamde toestand beland, dit word te alledaags, hierdie dinge.

92 Hier 'n tyd gelede was daar 'n dame in die, Louisville, Kentucky, ek dink was dit, en 'n klein seuntjie gehad het, wat rondgeloop het deur die tien-sent winkel en klein goedjies geklingel het, en sy, wat hom probeer wys het, die seuntjie het net gesit en staar.

93 So sy. . . Alma-. . . Mense het haar begin oplet, sy het histeries geraak, en sy sou sê: "Kyk, Skat, kyk!" En die seuntjie het net gestaar. So sy sou na 'n ander toonbank toe gaan, en iets kry wat 'n seuntjie van sy ouderdom se aandag sal trek, en gesê: "Kyk, Skat!" En hy sou net staar. En so, uiteindelik, so oorweldig, en uitgeput, dat sy net oor die toonbank geval het en begin skree het: "Nee, nee, nee!"

En die mense wat in die winkel was, het na haar toe gegaan en gesê: "Wat makeer, dame?"

94 Sy het gesê: "My seuntjie," sy het gesê: "iets het met hom gebeur." Sy het gesê: "Nie lank gelede nie, was hy 'n vrolike, klein kêreltjie, maar iets het met hom gebeur, en hy sit net en staar in die ruimte." Gesê: "Niks wat 'n seuntjie van sy ouderdom se aandag behoort te trek, sal sy aandag trek nie, hy staar net." Gesê: "Ek het hom dokter toe gevat, en die dokter het gesê hy was reg, maar," gesê: "hy is nie, want hy sal na niks kyk waarna hy behoort te kyk vir 'n kind van sy ouderdom nie." En gesê: "Hy staar net die heeltyd in die ruimte in."

95 Wel, dis net omtrent die toestand waarin die kerke beland. Die dinge, God het elke soort wonderwerk en teken voor die kerk geskud, en steeds sit hulle, staar in die ruimte, net asof hulle nie geweet het nie. . . God het in Sy groot krag in hierdie laaste paar jaar hierdie Nasie geskud soos nog nooit tevore nie.

"Die nasie geskud?" Julle sê: "Die nasie van die Verenigde State?"

96 Die Nasie, Sy Nasie, Sy Koninkryk. God belowe nie om 'n nasie soos daardie te skud nie, Hy belowe om Sy Kerk te skud. Dis nie 'n nasie-skuddende Boodskap nie, dis 'n Kerk-skuddende Boodskap. Kom na Sy Kerk toe om hulle wakker te maak, die nasie sal dit in elk geval nie glo, *daar* buite nie.

97 Jesus het nooit na ’n nasie toe gegaan nie: “Hy het na Sy Eie gegaan, Sy Eie het Hom nie ontvang nie.” Hy het nooit na ’n wêreld toe gekom nie. Duisende en duisende het nooit geweet Hy was selfs in Palestina tydens Sy besoek nie, maar Dit is na die Kerk toe gestuur.

Nou, as ek vir julle Metodiste broers sou sê: “Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid?”

98 Julle sou sê: “Ja, ons het Hom in die Metodiste kerk, ons weet Hy is.” Die Baptiste sou dieselfde ding sê, elke kerk sou dieselfde ding sê.

99 Ons het omtrent, na aan omtrent ses of agthonderd verskillende denominasies, so iemand moet reg wees, en iemand verkeerd, daar kan net nie almal reg wees, of almal verkeerd nie, daar moet reg en verkeerd wees daar, iewers.

100 So nou, as ek dit benader het uit ’n Baptiste standpunt, of uit ’n Metodiste standpunt, of ’n Pinksterstandpunt, of waaruit ek dit ook al benader het, sou dit die ander broers diskrediteer. Dis reg. Maar nou, laat ons dit benader vanuit ’n feit, laat ons dit benader vanuit ’n Bybelse standpunt: Laat ons uitvind wat Hy gister was, en as ons kan vind wat Hy gister was, dan sal Hy dieselfde wees vandag. Ongeag van ons teologie, sê hulle Hy was dieselfde. Nou, wel, as ons kan uitvind wat Hy gister was, dan sou ons uitvind wat Hy vandag is.

101 Nou, as ek kon uitgaan en ’n man kry, en spykermerke in sy hande sit, en—en doringmerke op sy voorkop, wat sou wees . . . dit kon misleidend wees, want daardie man kon ’n bedrieër wees, hy kon Jesus Christus naboots. Die enigste manier wat ons ooit sal weet wat Hy was, was om Sy Lewe te vind beweeg in Sy Kerk. Laat Sy Lewe!

102 As ’n—as ’n pampoenrank ’n pampoen dra, is daar pampoenlewe in die pampoenrank, jy kan nie kalbasse daarvan kry nie, want dis ’n pampoen; as dit ’n waatlemoen is, is dit ’n waatlemoen wat van ’n waatlemoenrank af kom; as dit ’n Christenwynstok is, sal dit getuig van Christus. So laat ons uitvind wat Hy gister was, dan sal ons sien wat Hy vandag is, en wat Hy tot in ewigheid sal wees, ek dink dit gee ons almal ’n goeie blik.

103 Laat ons nou teruggaan na Johannes die 1ste hoofstuk, en uitvind wat Hy was. Ons lees in Johannes, en ons kan hier teruggaan na die—die 1ste hoofstuk van Johannes, en ons sou dit lees. Nou, kom ons begin by die begin van Sy lewe en neem ’n paar verse hier, en dan die eerste ding waarvan jy weet, môre-aand sal ons nog optel, en net aanhou vind wat Hy is soos ons aangaan.

104 Maar omdat ons nog net omtrent twaalf het, nog veertien minute voor ons die gebedsry begin, laat ons dink aan wat Hy gister was. Nou, ons vind Hom hier in Johannes, soos al die ander

Evangelies begin het, vind ons Hom by—by Sy geboorte, en ons weet hoe geheimsinnig dit was, dat Hy die Seun van God was, die einste Saad van die vrou wat belowe is in die tuin van Eden. En dan vind ons uit dat Hy op die ouderdom van dertig gedoop is in die Jordaanrivier deur Johannes die Doper.

105 En toe Hy gedoop is, dadelik uit die water uitgekom het, vind ons dat die Heilige Gees, God, soos in 'n vorm van 'n duif wat uit die Hemel kom, en 'n Stem, wat sê: "Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het om te woon." En die regte vertaling daarvan: "In Wie Ek 'n welbehae het om in te woon," want God was in Christus.

106 En nou, toe Hy op Hom neergedaal het, het Hy die Gesalfde geword, die Messias. Ons vind dan uit versoeking, in die wildernis, en onmiddellik na die terugkeer van Sy versoeking het Hy rondgegaan en die siekes genees, duiwels uitgedryf, die mense verlos. Laat ons dan sien, die eerste ding wat Hy gedoen het, was om die Evangelie te begin preek en die siekes te genees, almal wat deur die duiwel verdruk is.

107 Nou, laat ons 'n paar van Sy tekens neem. Nou, is Hy 'n Messias? Nou, ons besef dat hulle Goddelike genesing gehad het selfs voor Hy op aarde gekom het. Hoeveel weet dit? Die bad van Betésda was 'n genesingsteken, en deur die eeue heen het hulle allerhande soorte genesing gehad. Sien? Maar daar was veronderstel om 'n teken te wees wat hierdie Messias gevolg het, Hy het 'n Messiaanse teken gehad. En as Hy Messias was, wat die Gesalfde Een is, die Christus, dan moes daar 'n teken van Messias wees wat die Messias volg.

108 Daar's 'n teken wat die gelowige volg. Glo julle dit? God is 'n God van tekens, wonders, en wonderwerke; en as Hy dit was die eerste keer, is Hy dít die tweede keer, is Hy dít die derde keer, is Hy dít elke keer.

109 Onthou, wanneer jy die Woord van God lees, omdat ons Protestante glo Dit is die onfeilbare Woord van God, dan wanneer God ooit op die toneel geroep word om op te tree, en 'n besluit moet neem, die manier wat God optree in daardie geval, moet Hy dieselfde optree in elke geval daarna, want ek kan vandag 'n besluit neem, en dit kan reg wees, môre mag ek dieselfde besluit neem, dit sou verkeerd wees, want dit was verkeerd in die eerste plek, miskien, maar wanneer God ooit 'n besluit neem, is dit volmaak, want ons is eindig, ons maak foute, God is onfeilbaar, en oneindig, en kan nie 'n fout maak nie. Daarom is wat God gesê het, volkome reg.

110 En as Hy ooit op die toneel geroep is om 'n sondaar te red, die gesindheid wat Hy teenoor daardie sondaar gehad het, sal Hy dieselfde gesindheid teenoor elke berouvolle sondaar van daar af moet hê. As Hy op die toneel geroep is om 'n siek persoon te genees, die gesindheid wat Hy teenoor daardie siek persoon

gehad het, elke siek persoon wat na Hom toe kom, moet Hy op dieselfde manier optree, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy die eerste keer opgetree het. Daar's God. Is dit reg?

111 So wat Jesus gister was, moet Hy dieselfde wees vandag, of Hy was gister verkeerd. Sy Messiaanse teken wat Hy toe aan die mense gewys het, as dit verkeerd was, dan sou Hy—Hy vandag dieselfde ding moes sê. En as dit nie is nie . . . Dit moet reg wees, want Hy was God. En nou, as Hy toe reg was, en dit was 'n teken, is dit dieselfde teken vandag, en sal tot in ewigheid wees.

112 Nou, ons sal 'n paar van Sy optredes neem. Onmiddellik nadat Hy begin preek het, was daar Andréas, julle weet, en hulle wat Hom begin volg het, Hom gevra waar Hy woon, nadat hy Hom op die Jordaan gesien het daardie dag, gedoop is deur Johannes. En toe het Andréas gegaan en sy broer Simon gevind, en Simon na Hom toe gebring: "Kom kyk nou, ons het die Messias gevind."

113 Simon was 'n visserman. En toe hy opgekom het in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, daar gestaan het, wat was die eerste ding wat Jesus gedoen het? Hom sonder twyfel reg in die gesig gekyk, en gesê: "Jou naam is Simon, jy is die seun van Jona."

114 Petrus is geleer, Simon, liewer . . . Hy is daarna Céfas genoem, wat is, vertaal word: "'n steen." Wat was hy? Hy het dit geglo, omdat hy 'n vader gehad het wat hom geleer het, dat wanneer die Messias kom, die ware, ware Jood geglo het dat wanneer die Messias kom, Hy 'n Profeet sou wees.

115 Die Jood het altyd in hulle profete geglo. Ons weet dit, want Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." Hy was die God-Profeet, die Meester Profeet, die God van die profete. Maar Sy teken was om 'n profeet te wees, en hulle het dopgehou vir daardie Profeet. Onthou julle nie, hulle het gesê nie: "Is jy daardie Profeet? Is jy daardie Profeet?" Hulle het vir Johannes gevra: "Is jy daardie Profeet wat sou kom?"

Hy het gesê: "Wie sê die mense wie is Ek?"

"Party sê U is Elía, of Moses, en sommige, daardie Profeet wat sou kom."

116 Hulle het geweet dat Hy 'n profeet sou wees. En toe Simon Petrus, toe Hy vir hom gesê het: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona," het hy sommer gou geweet dit was die Profeet wat geprofeteer is wat sou kom, dit was teken van Messias vir hom, hoewel hy nie genoeg geleerdheid gehad het om sy eie naam te teken nie, maar hy het aan die voete van Jesus neergeval, en is later die sleutels van die Koninkryk gegee, omdat hy God ontvang het. Hy het geweet wat Hom moes volg. Hy het geweet dat dit God was, teken van die profeet.

117 Toe het daar een gestaan, met die naam van Filippus, wat reguit afkom in die 1ste hoofstuk van Johannes, en Filippus het gedink dit was wonderlik, en toe hy dit gesien het, was hy tevrede dat dit die Profeet was waarvan gepraat is, die Messias.

118 So, as dit Messias gister was, en die teken van Messias gister, sal dit teken van Messias vandag wees as Hy dieselfde Messias is. Reg, Hy sou dieselfde ding wees, dis hoe Hy aan hulle verklaar het dat Hy Messias was.

119 Nou, Filippus het ’n goeie vriend gehad met die naam van Natánael. Was julle ooit in Palestina om te sien waar die plekke was? Omtrent vyftien myl om die berg. Hy het soontoe gehardloop, en hierdie vriend se naam was Natánael. So, toe hy soontoe gaan om Natánael te kry om hom hierdie goeie nuus te vertel. . .

120 Daar’s iets daaromtrent, as jy ooit oortuig is dat Jesus die Christus is, jy dit nie vir jouself kan hou nie, jy moet net almal daarvan vertel, dis reg. Ek kan net nie sien hoe mense hierdie wonderlike liefde van God kan vind, en stilbly daaroor nie. O, goeiste!

121 Ek het iemand gevra nie lank gelede nie, wat gesê het hulle was ’n Christen vir *soveel* jare, Ek het gesê: “Weet jou bure dit?”

Gesê: “Nee, ons hou dit soort van vir onsself.”

O, goeiste! Jy kan dit nie doen nie. O! ’n Suster in ons kerk het altyd gestaan en ’n lied gesing: “Ek hardloop, hardloop, hardloop, en ek wil dit vertel!”

122 Wel, dis omtrent reg, jy moet net vir iemand sê, jy kan nie stilstaan nie, *iets* het gebeur, en jy weet dit het gebeur.

123 So hy was oortuig dat dit die Messias was. Kom ons neem ’n dramatjie vir ’n oomblik. Ek kan Natánael sien uitgaan, omtrent ’n dag se reis, om die berge, oor die keistene, en uiteindelik by die huis gekom waar Natánael gewoon het. Hy het aan die deur geklop. En so, het Mev. Natánael na die deur toe gekom. Sy het gesê: “Wel, Filippus! Wel, ek is bly om jou te sien!”

Gesê: “Waar is Natánael?”

124 “Wel, Filippus, hy het net in sy—sy boord daarbuite gaan stap, hy—hy’s daaragter iewers. Jy sal hom kry, hy is daar in sy—sy olyfboord daaragter, of, vyebome, ensovoorts. Hy’s daaragter in die bos, iewers, sal jy hom kry.”

125 En ek kan Natánael daardeur sien afgaan, Filippus, liewer, om hom te probeer vind. En naderhand, hy was op sy knieë besig om te bid, dis ’n goeie plek om te wees. So, en gewoonlik is dit wanneer jy Christus vind, wanneer jy op jou knieë is, dis ’n goeie manier, sien. Bly baie op jou knieë, dis goed. En toe hy onder hierdie boom was, besig om te bid, kan ek my voorstel, natuurlik, Filippus, ’n Christenheer, wel, hy het net gestaan en wag totdat hy klaar gebid het.

126 Ek kan Natánael sien opstaan, en sy knieë afstof soos *daardie*, en sê: "O, prys die Here, dat . . . Ek dank U, Here." Hy het omgedraai, en gesê: "Filippus!"

127 Nou, hy het nie gesê: "Hoe gaan dit met die hele boord?" nie. Sien? Of: "Hoe gaan dit met al die mense? En hoe gaan dit met John, Joe, en hulle almal?" nie, julle weet. Hy het dit nie gesê nie. Hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het!" O, hy het net oorgeborrel, hy moes iets daaroor sê. Ek hou daarvan.

128 O, ek glo die Heilige Gees vul regtig tot Dit oorborrel. Dawid het gesê sy beker loop oor. Sommige, wanneer die Heilige Gees jou beetkry, borrel jy net oor.

129 Hy het geen tyd gehad om oor die plaas te praat nie, hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, die Messias! Ons het Messias gevind, Jesus van Násaret, die seun van Josef. Kom, kyk Wie ons gevind het, hierdie is die Profeet waarvan gepraat is."

130 Ek kan my voorstel hierdie waardige, Ortodokse gelowige het gesê: "Nou, wag net 'n oomblik, Filippus, ek—ek weet jy is 'n goeie man, 'n goeie man. Op watter soort van 'n verrukking het jy afgegaan? In watter diep kant het jy geval? Nou, daar's iets verkeerd met jou, iewers. Ek het jou altyd geken as 'n goeie, verstandige persoon, so hoekom kom jy hiernatoe met so-iets, dat jy iemand gevind het, Jesus van Násaret, het jy gesê, stad Násaret?

131 "Wel, nou, ons weet die Messias kom. En dan, as Messias sou kom, weet jy wat sou gebeur? Die gange van die Hemel maak oop, en Hy sou reguit afkom na die hoof van ons denominasie. Ja, meneer. Hy sou reg op die—die afdakke van die tempel opry. En as Hy nie na ons denominasie toe gekom het nie, is dit nie Hy nie. Nou, dit is nie Hy nie, Hy moet na ons s'n toe kom."

132 Julle weet, al daardie Natánaels is nog nie weg nie. So: "Hy moet net na ons groep toe kom, of Hy kom glad nie." Maar julle weet, God doen dinge soos Hy wil, en . . . ? . . . dis Sy manier.

So, ons vind hom wat sê: "Nou, kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

133 En ek dink Filippus het hom die beste antwoord gegee wat enige mens kon, gesê: "Kom, kyk. Kom kyk. Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom, kyk self." Dis die beste.

"O, ons . . . Hy het nooit . . . Dis nie . . . Ons denominasie borg dit nie, ons is nie in die . . . werk saam daarmee nie, so ek sal net by die huis bly, en . . . "

Wel, dan sal jy nooit weet nie. Dis al. Sien? "Kom, kyk."

"Ondersoek die Skrifte," het Jesus gesê: "Dit is Dié wat van My getuig." Sien? Vind uit of dit reg is of nie.

So, hy het gesê: "Kom, kyk."

134 Nou, ek kan my voorstel, laat ons inbreek op hulle gesprek soos hulle in die pad afgaan, ek kan Filippus vir Natánael hoor sê: "Natánael, en jy kan dit nie glo nie?"

"Nee."

"Wel, sê die Skrifte nie dat die Here onse God 'n Profeet sal oprig soos—soos Moses nie?"

"Dit . . . Ja."

"Wel, gaan die Messias 'n profeet wees?"

"Ja, Hy sal 'n profeet wees."

"Sal Hy 'n profeet se teken wys?"

"Ja, Hy sal 'n profeet se teken wys."

"En dit sal die Messiasteken wees?"

"Ja, dit sal."

135 "Goed. Nou, jy weet daardie ou onkundige visserman daar onder, by wie ons daardie vis gekoop het die dag, hy nie genoeg geleerdheid gehad het om vir jou 'n kwitansie te teken nie?"

"Ja, ja, ek onthou dit. O, ja, Andréas se broer, Simon."

"Ja, dit was hy, groot, ou fris kêrel, kaalkop, vetterige voorskoot aan."

"Ja, dit was hy."

"Nie die kwitansie kon teken nie?"

"Ja, dis reg."

"Wel, jy weet, hy het opgekom voor hierdie Een wat ons weet die Messias is. Onthou jy wat sy vader se naam was?"

"O, sekerlik, ek het met hom gesels, Jona. Ja, ek ken hom, Jona."

"Wel, sodra hy voor hierdie man ingestap het, het Hy na hom gekyk, en gesê: "Jou naam is Simon, die seun van Jona. Nou, wat daarvan?"

Filippus het gesê: "Ag!" Ek bedoel, Natánael: "Ag!"

Filippus het gesê: "Dit sou my nie verbaas as Hy jou nie sou sê wie *jy* is, wanneer jy daar kom nie."

"Ag, wag nou, ek—ek weet nie daarvan nie. Huh-um, nee."

136 Naderhand het hulle arriveer. En miskien het Jesus in die gebedsry gestaan, of—of miskien het hulle in die gebedsry gekom, ek weet nie, maar miskien hulle, was hy weer buite in die gehoor, waar dit ook al was, toe hy voor die Here Jesus ingestap het, het Jesus omgedraai en na hom gekyk, en gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Dit het die wind uit sy seile gehaal.

137 Nou, jy sê: "O, sekerlik, die manier wat hy aangetrek was."

Nee, nee, al die oosterlinge trek dieselfde aan. Hulle het daardie klere gedra, en tulbande, ensovoorts, donker ras mense.

138 Gesê: "Ag," gesê: "daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" As ek dit sou sê, 'n goeie, eerlike man, goeie, godsdienstige, eerlike man, 'n Israeliet.

139 En dit het hom verstom, 'n bietjie getref, hy het gesê: "Rabbi," wat *leraar* beteken: "wel, wanneer het U my ooit geken?" Wel, U weet niks van my af nie, ek het U nog nooit in my lewe gesien nie, en U het my nog nooit in U lewe gesien nie. Hoe weet U dat ek 'n Israeliet is, en 'n eerlike man?"

140 Luister, Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Watter oë, watter oë! Die dood kan hulle nie verdof nie, hulle lewe vir ewig. "Ek het jou gesien," vyftien myl om die berg, dag tevore: "Ek het jou gesien."

141 Wat was sy reaksie? "Rabbi, U is die Koning van Israel; U is die Seun van God, die Koning van Israel." Hy het nooit enige vraag gehad nie. Sy naam is onsterflik vanaand onder mense. Voor Sy voete neergeval: "Rabbi, Leraar, U is nie net 'n man nie, U is die Koning van Israel. U is die Seun van God. Ons weet dat Messias dit sou doen."

142 Daar het egter sommige gestaan wat dit nie geglo het nie, julle weet. Hulle het hulle hande agter hulle gehad, hulle moes hulle gemeente antwoord, want die gemeente sou vir hulle die vraag daaroor vra. Hulle het gesê: "Uh, *ahem*! Uh, natuurlik doen hierdie man dit net deur Beëlsebub, hy's 'n fortuinverteller." Sien? "Hy doen dit deur Beëlsebub."

143 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor, maar die uur kom wanneer die Heilige Gees sal kom, en Hy sal dieselfde ding doen, en een woord Daarteen sal nooit vergewe word nie, nie in hierdie wêreld, of die wêreld wat kom nie." So julle sien waar ons staan.

144 Gesê: "Ek sal julle vergewe, julle dit teen My sê, Ek sal julle vergewe," want hulle het genoem, hulle het gesê, die Gees van God 'n onrein gees, wat die Gees van God klassifiseer, wat geeste onderskei, en 'n Profeet, die God van die Ewigheid, wat daar staan, Homself bekend maak in die teken wat belowe is dat Hy sou, die Skrifte wat vervul is in hulle einste oë, en so denominasioneel gebonde is tot hulle: "Wel, Hy het nie na ons plek toe gekom nie, so dis die duiwel." Sien? Sien? Ons kan net baie ver daarmee gaan vir 'n rukkie, dis *hierdie* manne se plek.

145 Maar let op, dit was dit. Hulle het gesê dat die Heilige Gees eendag sou kom, en dieselfde ding sou doen. Nou, dis hoe . . .

146 Onthou, daar is net drie stamme mense op die aarde, as ons die Bybel glo, Gam, Sem, en Jafet se mense, dis Jood, Heidene, en Samaritaan. Onthou Petrus met die sleutels op die Dag van Pinkster? Toe reg af na die Samaritane, en op na die Heidene, en dit het dit voltooi, Jode, Heidene, Samaritane.

147 Nou, ons Heidene, Anglo-Sakse, het nie gesoek na enige Messias nie. Hy kom net na hulle toe wat na Hom soek. O, ek wil graag hê dit moet tuisgebring word! Ek hoop dit staan so hoog soos die bome hier onder voor julle. Dit, jy kan nie kyk sonder om dit te sien nie. Hy kom net na hulle wat na Hom soek. Ons Heidene het nie na enige gesoek nie, ons het nie na 'n Messias gesoek nie, maar die Jode en die Samaritane het. Wel, ons sien hoe Hy Homself bekend gemaak het.

148 O, baie ander plekke waarnatoe ons julle sou kon neem, maar kom ons blaai nog 'n bladsy om. Ons vind dan waar Hy deur 'n —'n bad van Betésda gegaan het.

149 En 'n paar dae tevore wat 'n vroutjie, sy in die gebedsry probeer inkom het, sy het geen gebedskaartjie gehad nie, veronderstel ek, en so, het sy geglo dat as sy Hom kon aanraak, dat sy genees sou word. En so, sy kon nie by Hom kom nie, en al die mense was rondom Hom, en voor jy jou kom kry, wel, het sy deurgeglip en die soom van Sy kleed aangeraak. En Hy het gestop, en gesê: "Wie het My aangeraak? Iemand het My aangeraak."

150 Petrus het Hom bestraf. En Hy het gesê: "Maar Ek—Ek merk dat Ek swak geword het, daar het krag van My uitgegaan." Hy het omgekyk oor die gehoor tot Hy haar gevind het, en haar vertel het van haar bloedvloeiing wat gestop het, omdat haar *geloof* haar gered het. Nou, Hy het dit nooit gedoen nie, haar *geloof* in Hom het dit gedoen. O, sien julle dit? Haar geloof! "Jou geloof het jou gered."

151 Nou, ek wil manne hier hê wat meer welsprekend is hieroor, Broer Moore, en baie van hierdie ander predikers. . . Daardie selfde woord daar is *Sozo*, wat "gered" beteken, vir liggaam of siel, net dieselfde, fisies gered of geestelik gered, op dieselfde manier wat jy dit doen. Sy het Hom aangeraak.

152 Nou, jy sê: "Maar Broer Branham, ek weet wat Hy. . . Sy het Hom aangeraak, wonder of ek kon."

153 Die Bybel sê dat Hy, net nou, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Wel, as Hy dieselfde Hoëpriester is, as jy Hom aangeraak het, sou Hy op dieselfde manier optree. So reik uit en raak Hom aan vanaand met jou geloof.

154 Dit was nie. . . sy. . . Wel, jy sê: "Ek is nie naby genoeg om my hande op Sy kleed te sit nie." Dit. . . Dit het nie, dit was nie wat dit gedoen het nie, Hy kon dit nie gevoel het nie, die Palestynse kleed het 'n onderkleed, en 'n groot kleed wat uitswaai. Stof skop op onder daardie kleed, dis waarom hulle voete gewas het, ensovoorts, om die stof van hulle voete af te kry. So, hulle, die—die Palestynse kleed uit soos daardie, sy het nooit die. . . daardie soom aangeraak nie.

155 Waarom het Hy nie almal gevoel wat hulle arms om Hom gehad het nie? "Hallo, Rabbi. Bly om jou te ontmoet, Eerwaarde," ensovoorts. Waarom het Hy hulle nie gevoel nie? Hulle het Hom meer aangeraak as wat sy het, maar Hy het aangeraak die . . . sy het die binnekant aangeraak.

Gesê: "Ek het krag van My voel uitgaan."

156 Paar dae daarna het Hy deur die bad van Betésda gegaan, en daar het 'n man daar gelê wat 'n swakheid gehad het. Daar was allerhande soorte mense daar, verlam, blind, kreupel, verdor, elke soort van—van beproewing, Jesus het reg rondom deur hulle almal geloop, rondgekyk, totdat Hy 'n man op 'n strooimatras sien lê het; ek reken julle dit so sou noem. Almal van ons suidelikes weet wat 'n strooimatras is, nie waar nie? Ek is grootgemaak op een. So, gelê op 'n strooimatras, daar gelê, en hy was nie kreupel, blind nie, hy het, kom ons sê hy het prostaatprobleme gehad, of hy mag TB gehad het, dit was vertraag, dit sou hom nie doodmaak nie, hy het dit agt-en-dertig jaar gehad.

Jesus het rondgekyk totdat Hy hom gevind het, en Hy het gesê: "Wil jy gesond gemaak word?"

157 Hy het gesê: "Meneer, ek het niemand om my in die water te sit nie. Wanneer ek kom, steek iemand my verby," met ander woorde: "kom eerste in die water," sien, "voor my, gaan in voor my."

Hy het gesê: "Neem op jou bed, gaan na jou huis toe." Sien? Wat? Die Bybel het gesê: "Want Jesus het geweet." Sien?

158 Nou, Hy is daaroor ondervra, Johannes 5, en, Johannes 5:19: toe Hy ondervra is, het Hy gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun," die liggaam: "die Seun kan niks in Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader *sien* doen. Want die Vader werk, en Ek werk tot nou toe. Ek doen niks totdat Ek sien nie." Dan as Hy dit gesien het, het Hy die Vader, deur visioen, die werk sien doen. God het Hom deur 'n visioen gewys wat om te doen, en Hy het gegaan en dit gedoen.

159 Kyk na die opstanding van Lasarus, toe Hy na die graf toe gekom het. Julle let op by die graf, het Hy gesê: "Ek—Ek dank U, Vader, My alreeds gehoor het," Hy het geweet wat sou gebeur: "maar Ek sê dit vir hulle wat daar staan: Lasarus, kom uit."

160 Lasarus het opgestaan. O, goeiste! Sekerlik, omdat Hy dit gedoen gesien het. Hy het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie. Hy het toe nooit enigiets gesê van krag wat van Hom uitgegaan het nie. Wat 'n groot wonderwerk was dit nie teenoor die vrou nie? Maar julle sien dit was God wat Sy gawe gebruik het, dit was 'n vrou wat Go- . . . [Leë kol op band—Red.]

161 . . . maar sy moes kom wanneer sy kon. So sy kom met haar waterpot, en sy's terneergedruk, miskien dink sy wat sy gehad

het . . . oor die vorige aand, en sy het die pot laat sak om die water te kry. Toe sy dit opgehys het soos *hierdie* met die slinger, en dit neergesit het, het sy gekyk, dit gesit, sy het iemand hoor sê: “Vrou, bring vir My water om te drink.” En sy het oorkant toe gekyk, en daar het ’n Jood daar oorkant gesit.

Nou, sy was ’n Samaritaan, sy het gesê: “Dis nie gebruiklik vir julle Jode nie, U wat ’n Jood hier is, om vir my, ’n Samaritaanse vrou nie, te vra nie.”

162 Hy was ’n jong Kêrel. Wel, Hy was eintlik net dertig jaar oud, maar die Bybel maak aanspraak dat Hy vyftig gelyk het. Weet julle dit? Ek reken Sy—Sy werk het Hom ’n bietjie grys gemaak. Hy het gesê: “Jy’s,” oorkant in Johannes 6, het hy gesê: “jy’s ’n man nie ouer as vyftig jaar nie, en sê jy het Abraham gesien?”

Hy het gesê: “Voor Abraham was, IS EK.” Dis reg. Dis reg. Sien?

Nou, maar Hy het vyftig gelyk, veronderstel ek, gesê: “Jy’s ’n man nie ouer as vyftig jaar nie.”

163 Nou, maar toe sy hierdie Jood daar sien sit het, het sy gesê: “Dis nie gebruiklik vir U, ’n Jood, my te vra, ’n vrou van Samaria, so-iets soos daardie nie, ons het niks met mekaar te doen nie.”

Hy het gesê: “Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink.”

Sy het gesê: “Die put is diep.”

164 Nou, wat het Hy gedoen? Julle sal my woord hiervoor moet neem, Hy het haar gees gekontak, sien, haar gees probeer vind. Sien, die Vader het Hom soontoe gestuur: “Hy moes deur Samaria gaan.” Maar toe Hy daarbo gekom het, het Hy niks meer geweet om te doen as om te wag nie. En toe hier sy . . .

165 Sê, dieselfde ding hier vanaand, Vader het my na Beaumont toe gestuur, ek moet wag om te kyk wat Hy gaan sê, ek—ek—ek weet nie. Sien? Wag net. Nou, ons vind naderhand uit of Hy het of nie. Sien?

166 En toe, het Hy daar gesit, en met haar gepraat. Wat het Hy gedoen? Haar gees gekontak, en Hy het gevind waar haar probleem was. Weet enigiemand wat dit was? Sekerlik. Sy het vyf mans gehad, ses, eintlik, sy het vyf mans gehad, “Die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie.” Goed.

En Hy het gesê: “Vrou, gaan, haal jou man, en kom hiernatoe,” nadat Hy haar probleem gevind het.

Sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

167 “O,” gesê: “jy het die waarheid gepraat.” Gesê: “Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie. So, daarom het jy die waarheid gepraat.”

168 Wat het sy gedoen? Sy was nie soos party van daardie selfgemaakte priesters met hulle agterstevoor krae, met al die teologie in die land nie. Sy het meer van God geweet as wat die helfte van die predikers in die Verenigde State weet, en sy in *daardie* toestand. Sy het omgedraai, gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Amen. Gesê: "Ons weet, ons Samaritane, ons weet dat dit die teken van die Messias sal wees." Dit reg? "Ons ken die Messias, wat Christus genoem word, wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, maar Wie is U?" O, goeiste!

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

169 Broer, sy het toe uit 'n nuwe Fontein gedrink. Sy het daardie waterpot daar gelos, en in die stad ingehardloop so vinnig as wat sy kon. Luister wat sy gesê het: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

170 En die Bybel het gesê die mans van daardie stad het Christus geglo as gevolg van die vrou se woord. As dit die teken van die Messias gister was, was dit die teken van die Messias vandag. Is dit reg?

171 Nou, nog een aanhaling, nou, dis 'n bietjie lank, maar vergewe my vir net nog 'n minuut langer. Hierdie is kerk, ek veronderstel hulle hoef nie op 'n sekere tyd te sluit nie. Ek wil hê julle moet nog hierdie een aanhaling kry, dan sal ons afsluit.

172 Nou, het julle opgelet, daardie teken is nooit voor 'n Heiden gedoen nie? Hulle het nie na Hom gesoek nie. Dit was weg. . . Dit was 'n teken vir die Jood en vir die Samaritaan, maar die Evangelie het nooit eens na die Heidene gekom totdat Petrus opgegaan en vir hulle gepreek het, Handelinge 10:49 nie. Sien? Hulle was heidene. So, Hy het nie na ongelowiges toe gekom nie, Hy het gekom en Sy Messiasteken vir die gelowiges gewys.

173 Nou luister goed, en julle buitenste gehoor, skakel nou geestelike denke aan, want julle sal hier tussen die lyne moet lees, dan sal ek afsluit.

174 Nou, toe Hy hier op aarde was, het hulle Hom gevra wat die teken sou wees van die koms van die einde van die wêreld. En Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom," eers het Hy gesê: "van Noag," die reën. En toe Hy van Noag gesê het, het Hy voortgegaan en gegee wat gebeur het in die dae van Noag, oor die sedes van die mense, hoe onsedelik hulle sou wees, dat hulle geëet, gedrink, getrou het, in die huwelik uitgegee is. Toe kom Hy by Sodom, Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

175 Nou luister goed, let nou op, Abraham het die uitverkore en uitgeroepte mense verteenwoordig. Daar is altyd drie klasse mense, hou hulle in gedagte. Lot het die louwarm, formele kerk verteenwoordig; die Sodomiete was die wêreld; en Abraham het homself afgesonder van al daardie ongeloof, en het uitgekom.

[Leë kol op band—Red.] . . . die uitverkore Kerk. Nou onthou, in die drie Engele wat Abraham ontmoet het, hulle was drie manne, en hulle was drie Engele van God, Een van hulle was God, Self.

176 Een of ander prediker het vir my gesê nie lank gelede nie: "Jy bedoel nie om te sê dit was God nie?"

177 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê dit was God. Abraham het Hom Here genoem, hoofletter H-e-r-e, Elohim. Hy behoort te weet, hy was die een wat met Hom gepraat het."

Hy het gesê: "Wel, dit was net 'n teofanie."

Ek het gesê: "'n Teofanie eet nie 'n kalf en drink karringmelk nie." Dis reg. Hy was God! Die Bybel het gesê Hy was. Hy was God, broers.

Hierdie drie Engele, hy het gesê: "Wel, bedoel jy hulle was Engele?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

"In stowwerige klere, en wat eet?"

Ek het gesê: "Sekerlik. Jy weet net nie hoe groot ons God is nie."

178 Hy wou afkom om die situasie onder in Sodom te ondersoek. So, ek kan my voorstel: Waaruit is ons liggaam gemaak? Sestien elemente, kalium, en kalsium, petroleum, kosmiese lig. Hy het net uitgereik en sestien elemente gekry, en gegaan, "*Whew!*" het dit bymekaar geblaas, en gesê: "Kom hier, Gabriël. Stap *hier* in." Sekerlik. Een daar oorkant geblaas vir Migael, nog een vir Homself geblaas, net ingestap, en afgekom.

179 O, ek's so bly ek ken Hom! Een van hierdie dae wanneer my liggaam net stof is wat op die aarde waai, sal Hy: "*Whew!* Kom terug."

180 Ek is so bly om 'n God van daardie soort te ken, blaas dit net bymekaar, dis al, "Komaan, nou, Ek het jou belowe. Jy was getrou met 'n paar dinge, Ek sal jou heerser oor baie maak." Sien? Erfgenaam van alle dinge deur Christus. Hy besef net nie Wie Hy is, hoe groot Hy is nie.

181 En Hy het afgekom. En ek wil hê julle moet oplet, twee van daardie Engele, 'n moderne Billy Graham, ensovoorts, het uitgegaan en vir die Sodomiete gepreek. Is dit reg? En daar was net een wonderwerk wat hulle gedoen het, hulle te verblind, en die verkondiging van die Evangelie verblind hulle wat nie glo nie. Maar Hy het daardie teken vir hulle gewys daar onder, die Evangelie wat verkondig word, om "uit te kom."

182 Hy het nie vir Abraham uitgeroep nie, hy was alreeds uit. O, ek's so bly! Abraham het die uitverkore Kerk verteenwoordig, die uitgeroepte Kerk. Maar Een het agtergebly by Abraham, en Hy het 'n teken gedoen. Ek wil hê julle moet sien watter soort teken Hy vir die uitverkore Kerk gedoen het.

183 Nou, julle sien, die Evangelie is aan hulle verkondig om uit daardie plek uit te kom, daar onder, maar hierdie Een het agtergebly by Abraham. Gesê, onthou nou, Hy was 'n Vreemdeling, het stof aan Sy klere gehad, Hy het van 'n vreemde land af gekom, ja, *ver* weg, en Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Hoe het Hy geweet dat hy getroud was? En hoe het Hy geweet hy het 'n vrou met die naam van Sara? "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

184 Nou, die Bybel stel dit direk dat hy gesê het: "Sy is in die tent, agter U," agter die Engel. Die Engel was God in menslike vlees. Kyk, gesê: "Sy's in die tent, agter U."

Kyk hierna: "Ek sal jou besoek volgens die tyd van die lewe."

185 En Sara het by haarself gelag, nie hard nie, gegaan: "*Hmmph!*" binne-in die tent. En met Sy rug gedraai na die tent, het Hy gesê: "Waarom het Sara gelag?"

186 Watter soort telepatie is dit? Wat was dit? Dit was 'n teken dat sy net gereed was om te brand. Nou, Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom," en die wêreld is nou in 'n Sodomtoestand. Net voor die Vuur geval het, kom die Engel van die Here terug en woon in menslike vlees, en doen dieselfde teken om vir die Heidene te gee, dieselfde Messiaanse teken wat Dit aan die Jode en Samaritane gedoen het. Sien julle dit? Hy moet.

187 As Hy hierdie Kerk laat deurgaan net op blote teologie, sou Hy hulle 'n guns en 'n teken gee wat Hy ons nie toegelaat het nie. En as God dieselfde is, en Hy is dieselfde, sal Hy dieselfde doen en dieselfde optree teenoor elkeen van Sy kinders; en vir elke geslag moet Hy dieselfde wees. As dit Sy teken was in daardie dag vir die Jode, Samaritane by die afsluiting van hulle dag, hierdie is die afsluiting van ons dag . . .

188 Die Evangelie keer binnekort weer terug na die Jood, hy wag net nou daarvoor, wag net vir die teken om aan hom te verskyn, en dan sal Hy terugkeer, wat Elía en die Moses dit sal doen in Openbaring 11, soos julle weet.

189 Nou, maar dan is die Heidense Kerk aan die eindtyd. Is dit reg? Ons glo dat, dat hierdie die eindtyd is, en die Sodom verbranding naby is. Wel, die atoombom is alreeds in die loods oorkant, met die wêreld se naam daarop geskryf. Dis reg. Sy gaan brand, moenie daaroor bekommerd wees nie. Dit gaan brand, dis net nou gereed om op enige tyd af te gaan. Laat een of ander fanatikus net 'n . . . Een van hierdie missiele, een van hierdie dae, gaan in iemand se skerm inkom, en dan gaan almal losgelaat word in elke nasie, dan is dit hier. Maar voor dit gebeur, gaan die Kerk Huis toe, gaan die Kerk Huis toe, Dit sal nooit daarin wees nie. Nou, verstaan julle?

190 Maar net teen daardie eindtyd moet hierdie teken weer verskyn. [Leë kol op band—Red.] . . . was in Sodom. Die uitverkore Kerk, nie die louwarmes nie, hulle het hulle s'n, maar

die uitverkore, uitgeroepte Kerk (Kan julle tussen die lyne lees? Sien?), uitgeroepte Kerk sal daardie teken ontvang, en dit was die teken van die Messias. Dis die teken van die Messias onder ons.

191 Ons is nie Messiasse nie, maar die Messias woon in ons, wat *Messias* beteken: "die Gesalfde," en Dit moet ons almal salf. As Dit een salf met 'n teken, en die ander een glo dit nie, wat sou dit help? Dit moet almal van ons tesame wees. En, saam, as Jesus Christus hier sal verskyn vanaand, en dieselfde Messiaanse tekens doen wat Hy destyds daar voor die Jood en die Samaritaan gedoen het, sal jy Hom ontvang as jou Verlosser en as jou Geneser? Sal jy? Dis 'n groot stelling. Ontvang Hom as jou Verlosser. Nou, onthou Hy kan nie genees nie. Sy eerste ding, Hy wil hê jy moet dit glo.

192 Hy het verordineerde manne hier om dit te doen, maar behalwe dit, het God vier God-geroepte ampte in die Kerk geplaas, Apostels, wat eintlik *sendeling* is. *Sendeling* beteken: "een wat gestuur is," *apostel* beteken: "een wat gestuur is." Goed. 'n Sendeling is 'n apostel. Goed. Apostels, profete, leraars, evangeliste, en pastore, ek bedoel vyf in plaas van die vier. Dis vyf ampte wat God verordineer en in die Kerk geplaas het. Glo julle dit? Goed. As ons dan glo daar's apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste, daar is vier ampte.

193 In elke plaaslike kerk is daar twaalf, of, nege geestelike gawes, Een Korinthiërs 12, nege geestelike gawes wat deur die Liggaam werk. Sien, God het elke voorbereiding gedoen om daardie Kerk net so skoon te hou as wat dit kan wees, sonder vlek of 'n rimpel. Uh-huh. Ons is by die eindtyd, Heidense mense, ons is by die eindtyd.

194 Nou, ek glo dat Jesus Christus nog steeds die Messias is. Ek glo as Hy daar afgekom het voor Sodom, en by die uitverkore Kerk gestaan het. . . Onthou, Hy het nooit afgegaan in Sodom nie, Hy het na die Uitverkorenes toe gekom, na die Kerk. Hierdie gawes word nie gestuur. . .

Sê: "Hoekom tref jy nie die groot senuweesentrums nie?"

195 Die senuweesentrums is God se mense. Uh-huh. Kom na die kerke toe, die klein plekkies. Dit hoef nie bloemryk te wees nie, en. . . Dis wat dit is. Jesus was nie 'n afwyser nie.

Hulle het vir Hom gesê: "Waarom kom jy nie na Kajafas toe nie? Waarom gaan jy nie op hier na Jerusalem, wys jouself nie?"

Hy het gesê: "Jou tyd is altyd, myne het nie gekom nie." Jesus was nie 'n afwyser nie. Hy het nie afgewys nie.

Gesê: "Julle woon by daardie klomp holy-rollers daaronder, 'n klomp vissermanne, ensovoorts, kom hiernatoe na die hoëklas mense toe."

196 Hy het gekom na hulle waarnatoe God Hom gestuur het. En hulle . . . Ons doen hierdie dinge omdat ons gelei word om hierdie dinge te doen, God lei Sy kinders. Ek hoop julle het dit gesnap.

197 Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dan wat genesing betref, enigiemand kom en sê hulle kan jou genees, dis verkeerd, dis onskriftuurlik, Hy het dit alreeds gedoen. As 'n man sê Hy kan jou sondes vergewe, is hy verkeerd, hulle is alreeds vergewe. Sien? Hulle is alreeds vergewe, jy moet dit net aanvaar.

198 Maar daar is pastore wat jou kan lei, daar is leraars wat kan onderrig, daar is evangeliste, daar is ander dinge, en daar is profete, en al hierdie verskillende dinge, en in die laaste dag sou die teken van die Messias in die Kerk verskyn.

199 Nou onthou, hoeveel het ooit daardie foto gesien wat hier oorkant by Houston geneem is? Ja, meneer, dis alles . . . Dis nou hier iewers, reken ek. Sien? Nou, dit is regoor die land geneem, dieselfde ding elke keer. Sien? Nou, Dis die Vuurkolom.

200 Nou, toe Jesus op aarde was, hoeveel glo dat Hy daardie Engel was wat saam met hulle in die wildernis was? Hy het gesê Hy was. Uh-huh. Hy's die Engel van die verbond. En Hy . . . hier het Hy gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Is dit reg? Toe, toe Hy gesterf, opgestaan, en opgewek is, en eendag was Paulus, of, Saul op sy pad af na Damaskus, en 'n Lig het hom neergefel, 'n ander Lig. Petrus, Dit het in die gebou ingekom, die tronk, en hom vrygelaat. En hierdie Lig het ingekom by—by, Saul op sy knieë neegefel, en Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My."

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus. Ek kom van die Vuurkolom af, Ek keer terug na dieselfde ding wat Ek was." Is dit reg? Nou, die Bybel het gesê dis waar.

201 Wel, dan, as hierdie die regte soort is . . . As Dit dieselfde Vuurkolom is, dan sal Dit dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het. As daardie Vuurkolom wat by ons is vanaand, as dit die Gees van Jesus Christus is, sal Dit in julle optree soos Dit in Hom opgetree het. Sien wat ek bedoel? Dan maak dit dit waarheid. Nou, as ons Hom op die toneel kan sien kom en optree presies soos Hy het, sou elkeen van julle glo dit was die Here Jesus?

Laat ons bid.

202 Hemelse Vader, lyk asof ek heelnag kon praat, so 'n wonderlike groep mense, hulle harte net so, net soos houers, Here, wat net uit jou uittrek. Hoe ek daarvan hou, Vader! En om te weet dat ek glo dat hierdie die Abrahamitiese is, die Kerk, die Uitgeroepte, die uitverkore Kerk met die Evangeliewaarheid, dit verkondig!

203 Baie, Here, mag dalk nie in staat wees om in die verskillende tekens in te kruip nie, soos ek gesê het, maar hulle staan nie in

ander se pad om dit te doen nie. Here God, hulle glo U, hulle glo die—die Woord. Baie van hulle het gepreek toe ek nog 'n klein seuntjie was, en hier, hier te staan vanaand voor sulke manne, manne wat die Evangeliewaarheid in hulle boesem hou! Vroue, hulle het hulle vroue hier, hulle geliefdes, kinders, hulle siekes en behoeftiges. Hulle het gestaan hiervoor, hulle, jare gelede was hulle uitgeworpenes, verdryf uit die ander kerke, op die hoek gestaan met 'n tamboeryn in hulle hand, party van die vroue nie eens genoeg geld om kouse te koop nie, hulle het daar gestaan met 'n ou kitaar in hulle hande, en dit getokkel, en die Boodskap verkondig.

204 God, die uur het nou gekom, die uur is hier. Hulle het die weg gebaan, die pad reguit gemaak in die wildernis. Ons bid dat die Messias van God op daardie pad sal af ry vanaand, af in hulle midde in. Wys ons, Here, U Teenwoordigheid, "Menere, ons wil Jesus graag sien," hierdie Jesus waarvan hulle gepraat het, en onder vervolging van Sy Naam gestaan het.

205 Here, verskyn in hulle midde vanaand, en wys dat U steeds daardie selfde Messias is, dat U nie dood is nie, U opgestaan het uit die dood, en U lewe in U Kerk. U is die Een wat die heeltyd by hulle is. Skenk dit, Vader. Laat ons U net sien, en elkeen van hulle sal glo, Vader. Ons vertrou onsself toe aan U. Ons bid dat U hierdie seëning sal skenk, deur Jesus Christus' Naam. Amen.

206 Nou, ek gaan julle nou vra, of almal nou net in hulle sitplek sal bly, vir 'n paar minute. Nou, ek kon hier staan en praat van hierdie dinge, maar nou, is hulle waar? Dis die volgende ding. Is hulle waar? Baie van julle het dit nog nooit gesien nie, maar julle glo dit steeds. Sien? Julle glo dit nog steeds, in elk geval. Maar nou, ek weet nie dat Hy sal nie, maar ek vertrou dat Hy sal. En as Hy wel optree en dieselfde doen wat Hy het toe Hy hier op aarde was . . .

207 Nou, die enigste manier wat Hy dit kan doen, is vir my om myself aan Hom te onderwerp, net myself oor te gee, en myself uit die pad uit kry, en julle julleself uit die pad uit kry. Nou, dis die enigste manier. Dan sal ons saam die Messias sien. Om net myself oor te gee, sal dit nie doen nie, net, julle moet julleself oorgee, en ek moet myself oorgee, en saam werk die Messias onder ons, want ons is Sy mense, uitverkies, geheilig deur Sy Bloed.

208 Die Heilige Gees woon in ons, en Hy net, soos daardie knopie wat die Heilige Gees is, wanneer Dit in die doopvorm gekom het, dan begin Dit net uitsprei. Wanneer ons al die wortels van bitterheid en boosheid van ons af wegkry, neem God net oor en begin beweeg.

209 Kyk na hierdie mikrofoon, daardie mikrofoon is—is stom sonder iets wat daarin praat. Dit is nie die mikrofoon wat praat nie, dis ek. So dit kon nie ek wees wat praat nie, dit sou Hy wees,

want . . . Sien? Dit kan nie jy wees wat praat nie, dis Hy. Sien? Ons weet niks van die toekoms nie. Ons weet nie . . . Ek weet nie . . .

210 Daar's nie 'n persoon, vandat ek hier gesit en kyk het in hierdie gebou, wat ek ken, behalwe as dit Broer Moore en Broer Brown sou wees, hier, Broer Mercier, wat agter my sit, my seun, wat daar sit nie.

211 Ek mag party van julle manne ken as ek sou . . . julle my sou sê wie julle naam is, of vir my sê waar ons ontmoet het, ek weet nie, is meer geneig om die predikers te ken. Hoeveel buite in hierdie gehoor weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is? Steek jou hand op. Weet niks van jou af nie, weet niks van jou seer, jou siektes, of probleme, of sovoorts nie? Sien? Oral.

212 Wel, wag 'n oomblik, ek glo jy—jy het kaartjies uitgedeel. Goed. Ons sal eers gebedskaartjies probeer. Nou, ons kan nie te veel hier op 'n slag bring nie. Wat was dit, Billy? Was dit A? Gebedskaartjie A. Nou, dis A, een tot 'n honderd. Ons sal moet begin van iewers af daar. Ons begin van een of ander plek af, miskien vanaand, môre-aand, 'n ander plek, volgende aand, êrens anders. Net omdat ons altyd, ons sou begin . . .

213 Ek—ek het my kaartjies gegee, baie van julle onthou, hier onder, ek het altyd . . . ek het hulle eenkeer vir 'n kêrel gegee, hulle het hom gevang gebedskaartjies verkoop om iemand bo in die gebedsry te kry, Ek het dit sommer gou gestop, ek het my broer dit laat hanteer. Nou, toe het my seun gekom, ek het hom gekry om hulle uit te gee, en betroubare manne.

214 Dan sou ek kom, vir 'n rukkie sou ek klein kindertjies soos *hierdie* kry om op te staan, soos ek klein Junior hier sou hê, ek sou sê: "Staan jy, en begin tel, Junior, en waar jy ook al ophou tel, dis waar ek vandaan sal roep." Huh! Glo dit of nie, ons is steeds menslik. Mamma het Junior laat stop reg by haar nommer, sien, net waar dit was. So ek kon dit nie so doen nie, klagtes het opgekom. So, een aand in gebed het die Heilige Gees net gesê . . .

215 En toe, die eerste ding wat ek dit doen . . . Die eerste diens, het ek afgegaan, almal uitgegee, vir almal 'n gebedskaartjie, ek gee vir elke pastoor 'n honderd gebedskaartjies om uit te gee aan sy . . . Ek dink dis hoe ons dit hier gedoen het die laaste keer, ek dink, in die Beaumont diens. Maar die eerste man het sy groep ingekry, dit het dit vir die res van hulle afgehandel. Sien? So jy kon dit nie doen nie.

216 En enigste manier, regverdiglik, wat ons gevind het om dit te doen, was om hulle elke dag uit te gee. Elke . . . En daardie, as 'n kêrel, as daar vir jou gebid is, moes jy die eerste diens kom, of jy was uit. Kêrel die tweede dag gekom het, kon hy nie 'n gebedskaartjie kry nie, derde dag, maak nie saak wat dit was nie, was verplig om eers vir hulle te bid. Sien? So hulle het nie in die gebedsry gekom nie.

217 So nou, wat ons doen, is om hulle uit te gee, het vir jare, hulle uit te gee, almal saam, elke dag. En daardie aand kom ons af, net waar die Heilige Gees met my begin werk. Partymaal het ek getel hoeveel *hier* is, hoeveel aan *hierdie* kant is, en hulle aan *hierdie* kant verdeel, begin so, enige plek, ons weet nie, net waaraan die Heilige Gees my ook al laat dink, dan weet ek.

218 Die man kom op om vir jou die gebedskaartjie te gee, die kêrels sal eers voor julle opkom, en hierdie gebedskaartjies neem en hulle skommel, elkeen, voor julle, dan uitkom en dit gee. Jy mag nommer sewe kry, jy vyf-en-veertig kry en jy eenhonderd kry, en soos daardie, die volgende man na jou. Hulle is almal deurmekaar, so daarom wanneer ek afkom, dan is dit dubbel-gekontroleerd, dat niemand kan sê: "Wel, hulle verkoop gebedskaartjies om iemand in die gebedsry te kry," nie. Ons kan dit nie doen nie, sien, hulle is net almal deurmekaar.

219 En dan gaan die Heilige Gees reguit uit, en kies diegene daar buite wat nie eens 'n gebedskaartjie het nie, sien, voorspel dinge. Nee, sien, dis net die idee om iemand hierbo te kry, sodat ek die salwing op my kan kry, en die salwing op julle kry, die Heilige Gees kry.

220 So vanaand laat ons net begin by nommer een vir die eerste, om te begin, kyk hoeveel ons kan opkry. Nommer een, wie het gebedskaartjie nommer een? As jy nou nie kan loop nie, wanneer jou kaartjie geroep word, sal van die broers hier jou help. Gebedskaartjie A, nommer een. Waar is dit? Kyk nou na jou gebedskaartjie. Gebedskaartjie A, nommer een. Is jy seker jy het gebedskaartjies uitgegee? O, ek's . . . Goed. Laat die dame hiernatoe kom as sy kan loop, as sy kan, in staat is om op te staan.

221 Nommer twee. Wie het nommer twee? Steek jou hande vinnig op sodat ons kan sien. Net hier. Kom net hiernatoe, Suster. Nou, as julle nie kan opstaan nie, steek net julle hande op, en ons sal julle kom dra. Sien? Nommer twee, nommer drie. Sal jy jou hand opsteek? Hierdie dame? Nommer vier, nommer vier. Ons doen dit om orde te hou.

222 Laat ek julle iets wys: Hoeveel hier binne wil voor gebid word, steek julle hande op, regoor die hele gebou. Goed. Wie wil eerste wees? Daar het julle dit. Sien? Jy moet dit doen. Jy moet net, om orde te hou.

223 Nommer een, twee, drie, vier. Wie het gebedskaartjie vier? Goed, kom hier, dame. Nommer vyf, wie het gebedskaartjie nommer vyf? Kom reguit hiernatoe, dame. Julle almal nou in 'n ry staan. Nommer ses. Nommer ses, hier agter. Goed. Nommer sewe. Gebedskaartjie nommer sewe. Sal jy jou hand opsteek? Gebedskaartjie sewe.

224 Kyk, iemand kyk na hierdie mense, daar's 'n klein kreupel seuntjie wat hier oorkant sit, en twee vroue, en drie hier oorkant in rolstoele, kyk nou na hulle gebedskaartjies. Sien?

225 Nommer sewe. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe. Nommer agt, nommer agt, sal jy jou hand opsteek as jy kan? Ver agter. Nommer nege. Goed. Tien, nommer tien, elf. Dis reg, dis hoe. Elf, twaalf, dertien, veertien. Goed. Veertien. Is dit daar oorkant? Vyftien, vyftien, sestien. Goed. Sewentien, agtien. Ek het dit gemis. Agtien, agtien. Gebedskaartjie agtien.

226 Wel, dis genoeg. Laat hulle net daar stop vir 'n minuut. Ons kan dan vir hulle begin bid. Nou, onthou, soos jou gebedskaartjie genoem word, val reg in die ry in. Goed.

227 Nou, nou, hier, Suster, nee, jy—jy gaan in, o, is dit, o, watter nommer het jy daar? Agtien. Gaan reguit agtertoe daar in die ry net daar, net reg daar agter, die kêrels sal jou in die ry sit. Hier, regdeur hier, kom hier deur, dame, hier om, kom op hierdie kant toe.

228 Nou, hoeveel hier binne het nie 'n gebedskaartjie nie, en tog is julle siek, wil hê God moet julle genees? Goed, steek jou hand op. Goed. Ek probeer 'n—'n idee kry van waar julle is. Um-hum. Net omtrent oraloor, oral. Goed. Nou, as jy nie 'n gebedskaartjie het nie, ek sê vir jou wat ek wil hê jy moet doen, jy sonder 'n gebedskaartjie, doen jy dit: As die Here die mense op die platvorm begin genees, dan kyk jy daar bo, en sê: "Here, hy het vir my gesê . . . "

229 En laat ons hierdie predikers hier vra. Sê die Bybel nou dat Jesus nou, in die Boek van Hebreërs, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Is dit reg? Wel, dan, as Hy dieselfde Hoëpriester is, as jy Hom aangeraak het, hoe sou Hy optree? Dieselfde manier wat Hy gister opgetree het, as Hy dieselfde gister, vandag is. Toe Hy . . .

230 Nou, dit maak ons nie Jesus nie. Sien? Dit maak ons net Sy diensknegte. Sien? Ons is Sy voorwerpe wat Hy het, werk deur ons. Hy—Hy gebruik mense as Sy—Sy voorwerpe om deur te werk. Is dit nie reg nie?

231 Goed. Ek wil hê elke persoon moet in jou posisie bly, baie stil bly, aanhou bid. Nou, ek sê nie dat dit sal gebeur nie. Nou onthou, as ek . . . Laat ons sien, waar is dit? (Broer Jack, help hom, help hom soos hy kom. Wel, hier, hy, laat hom nou hiernatoe kom, opkom.)

232 Nou, nou hierdie mense hier, nou, elkeen in die gebedsry, ek wil na elkeen van hulle kyk, nou, hulle is almal vreemdelinge vir my, ek ken hulle nie. As ek 'n vreemdeling vir julle almal is, hou julle hande op, dit is, ek ken jou nie, weet niks van jou af, of enigiets nie. Goed. Nou, bring hierdie dame hier na my toe. Kan julle my goed hoor? Nou, partymaal wanneer daardie salwing tref, weet ek—ek nie hoe hard ek praat nie. Kan julle my goed hoor, daaragter? Die akoestiek. As ek so gepraat het, kan julle my nog hoor? Sien?

233 Nou, is dit nie ’n wonderlike ding nie? Hier moet hierdie Bybel gevind word as die waarheid, of verkeerd; die beloftes van God moet gevind word as waarheid, of verkeerd. Nou, hier is hierdie mense wat hulle hande opgesteek het dat hulle my nie ken nie, en ek hulle nie ken nie; julle het almal julle hande op.

234 Nou, ek sê julle, as julle die geringste twyfel het, sê net: “Here Jesus, daardie man ken my nie, en ek weet hy’s net ’n man. Maar ek gaan U kleed aanraak, want ek het nie ’n gebedskaartjie nie, ek gaan U kleed aanraak, draai U hom dan om en praat met my, soos die vrou wat U kleed aangeraak het, praat met my, en dan sal dit—dit my my hele lewe lank oortuig. Sien? Ek vra U net om dit te doen as hy gesalf word.” Nou, sou julle Jesus sien? Hoe sou julle Hom sien? Soos Hy deur ons beweeg. Nou wees in gebed.

235 Nou, ek nie. . . Nou, wanneer ek sê wees eerbiedig en stil, bedoel ek nie. . . Wanneer—wanneer ons hier staan, sien, ek kyk, moet niemand ’n foto neem nie, want Dis ’n Lig.

236 Verlede Sondag, was ’n week gelede, het hierdie selfde Vuurkolom in my kerk gestaan vir vyftien minute, honderde mense het daar gestaan en huil, op hulle knieë geval, en alles, net daar gestaan, vyftien minute, reg voor die hele gehoor, hulle het Daarna gekyk.

237 Broer Gene, jy was daar, was jy nie? Broer Leo? Nee, laat ons sien, jy was hier onder, dis reg, jy was hier onder in die suide. Broer Gene, sommige van. . . Broer Sothmann, hy’s veronderstel om hier iewers rond te wees, Broer Fred Sothmann. Waar is julle almal, broers? Iewers, hier. Hulle was daar. Ja, agter aan die agterkant. Daar gestaan, Daarna gekyk vir vyftien minute, gestaan, Dit reg daar voor ons soos daardie, Daarna gekyk.

238 Ek vertrou dat Dit Ditself weer sal vertoon hier by Beaumont vir julle mense hier. Onthou, Dis daardie selfde Lig wat die kinders van Israel gevolg het, Dis dieselfde Een wat Saul neergefel het, in die gevangenis ingekom het, Dis Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. “Menere, ons wil Jesus graag sien.”

239 Nou, Hemelse Vader, hierdie is so ver as wat mense kan gaan. Ons—ons bely nou ons sondes, al ons ongeloof, en ons vra dat U saam met ons sal kom vanaand, dat hierdie woorde en beloftes. . . Nou, U het belowe: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” En ek het dit vir hulle probeer illustreer vanaand, Vader, dat ons Heidene is, dit was toe U gekom het vir die Heidense Bruid, die einde van die tydperk van die Heidene.

240 Ek het vir hulle gesê, en uit die Bybel gewys vanaand, hoe U Uself bewys het as die mense se Messias vir die Jode, die Messias vir die Samaritaan. Nou, Here, wys dieselfde Messias teken, vanaand, dat U nie dood is nie, maar lewe, en U by U mense is, aan die Heidene, deur dood te wees in Christus, is ons

Abraham se Saad, Here, en is erfgename saam met hom in die belofte.

241 Laat die Heilige Gees kom, vanaand, en ons—ons wesens, hierdie hele kerk, in besit neem, alle ongeloof onder ons uitdryf, en laat die Skrif wat vanaand aangehaal is: "Menere, ons wil Jesus graag sien," toe het hulle hulle hartsbegeerte gekry, mag ons dieselfde ding vind vanaand, want daar staan geskrywe: "Vra, en julle sal ontvang." Ons vertrou dit toe aan U, in Jesus Christus' Naam. Amen.

242 Nou, ons ken nie hierdie mense nie. Ek ken nie hierdie dame nie, sy lyk, veronderstel ek, om heelwat ouer te wees, miskien, as ek. En ek het beslis nooit hiernatoe gekom om hierdie arme, grys-kop vrou te mislei nie. Ek het 'n moeder by die huis, wat bid vanaand, vir wie ek dankbaar is, sonder twyfel is hierdie iemand se moeder.

243 Nou, ons ontmoet net presies soos Johannes 4. Hier's 'n vrou, jy ken my nie, ek ken jou nie. Nou, ons het ons hande opgesteek, ek—ek ken jou nie, en jy ken my nie. Nou hier is ons.

244 Nou, toe Jesus 'n vrou ontmoet het wat Hy nog nooit tevore gesien het nie, by die put, Samaritaanse stad, publieke put, dis in 'n klein panoramatjie, iets soos hierdie, en hulle het vir die eerste keer ontmoet, en Hy het 'n paar minute met haar gepraat totdat Hy gevind het wat haar probleem was, en toe vir haar gesê het wat haar probleem was.

245 En toe, toe Hy haar haar probleem vertel het, het sy gesê: "Meneer, ek—ek sien dat U 'n profeet is." Sy het gesê: "Ons weet dat wanneer Messias kom, Hy ons hierdie dinge sal vertel, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Sy het teruggegaan en getuig en vir almal gesê: "Hierdie Man het my my probleem vertel. Is dit nie die teken van die Messias nie?"

246 Nou, sou dit die teken van Messias vir julle wees? As Hy vanaand kom, en, hier is ek 'n man, jy's 'n vrou, ons het ons eerste keer ontmoet, as Hy sou kom, my jou probleem vertel, of iets van jou wat jy weet ek nie weet nie, dan as, om dit onfeilbaar te maak, as Hy vir jou iets kan vertel wat jy gedoen het, iets in die verlede daar wat jy gedoen het, of was, as Hy weet wat jy was, of gedoen het, kan Hy wel beslis weet wat jy sal wees, of doen. Is dit reg?

247 Byvoorbeeld, as, soos 'n gawe van genesing, sonder twyfel dat daardie gawe oral in die gebou is vanaand, baie gawes van genesing, nou, as ek jou hiernatoe gebring het, hande op jou gelê en gesê het: "Halleluja! Prys God!" party van ons broers wat gawes van genesing het, hulle sou sê: "Jy gaan gesond word. Prys God! Gaan maar," dit—dis reg, kon ek dit glo, sekerlik. Ek glo dat elkeen van daardie broers gawes van genesing het. Ek dink

God sal hulle laat antwoord vir die manier wat hulle dit baiekeer gebruik, maar ek, julle weet, geld maak, en sulke dinge, maar ek—maar ek glo dat dit gawes van God is. Ek glo, hulle meer eerbiedig met hulle sou wees, gawes groter sou wees, en dit sal wees.

248 Maar ek glo as 'n man vir jou kom vertel het hy het 'n gawe van genesing, hy 'n broer in Christus was, ek gee nie om aan watter kerk hy behoort het nie, ek sou steeds sê hy was 'n man van God, as hy sy hande op jou gelê, gesê het: "Ek lê my hande op jou, gaan jy en jy sal gesond word," glo ek dit, sekerlik. Maar—maar jy mag net 'n bietjie twyfel of jy gesond gaan word of nie, want jy moet net sy woord daarvoor vat.

249 Maar nou, as Christus kom en selfs dit alles bedek, daar oorkant toe gaan, en met jou daaroor praat, vir jou iets in die verlede daar vertel, hiernatoe kom en jou vertel wat verkeerd is met jou, en wat jy gedoen het, dan weet jy dit moet een of ander soort krag wees, nie waar nie? Omdat ons ons hande opgesteek het voor hierdie Bybel, en God, en hierdie gehoor, ons ken nie mekaar nie.

250 Maar as Hy iets aan my sal openbaar wat verkeerd is met jou, iets wat jy gedoen het, iets wat jy nie moes gedoen het nie, of iets wat jy probeer doen, of gereed maak om te doen. . . En jy mag hier staan vir iemand anders, mag finansiële probleme wees, mag huislike probleme wees, ek weet nie. Ek—ek net. . . Jy's net 'n vrou wat daar staan.

251 Verstaan die gehoor dit? Buite, verstaan julle dit? Nou, as Jesus dieselfde is gister en vir altyd, as sy enigiets nodig het, het Hy dit alreeds vir haar voorsien, enigste ding wat Hy kan doen, is net Homself bekend maak. Nou, as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, kon Hy niks meer doen as wat Hy nou doen nie, jy sou moes glo dat Hy dit vir jou gedoen het, want dis 'n voltooide werk. Nou, glo julle dit almal? Nou, as Hy dit sal doen vir hierdie vrou, hoeveel sal dit daarbuite aanvaar, en dit glo?

252 Nou, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke siel hierbinne onder my beheer om die Koninkryk van God se ontwil.

Jy ly aan 'n breuk. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op.

Glo jy nou?

253 Ek het dit gevang, moenie dit dink nie. Nou, julle het gedink ek het dit geraai. Ek het nie. Moenie dit dink nie. Nou, julle sal net die diens ruïneer, julle moet glo. Dit het van iewers af gekom. Sien? Moenie dit dink nie.

254 Sy's 'n goeie persoon, sy's 'n Christen, het 'n goeie gees, nie 'n ryloper nie, jy's—jy's—jy's 'n Christen, dis reg, want ek het gevoel jou. . . Jy kan 'n sondaar wees. "Daar is nou 'n Israeliet, in wie

daar geen bedrog is nie!" Sien? Jou gees bewys dat jy Christen is.

255 Ja, jy het 'n breuk, jy het 'n inwendige skildklier, jy het galblaasprobleme, en jy het hartprobleme, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis reg, steek jou hand op.

Glo jy nou?

256 Glo jy God weet wie jy is? Glo jy Hy kan vir my sê wie jy is? Sou dit dieselfde ding wees wat Hy vir Petrus gesê het? Mev. Roundtree, gaan huis toe, glo met jou hele hart en jy sal gesond wees.

Nou glo jy? Glo met jou hele hart. Nou, dit het begin by die gehoor, by julle mense daar buite. Wees baie eerbiedig, hou net aan bid.

257 Nou, die dame wat voor my staan, is 'n vreemdeling, sy's jonger as wat ek is. Nog 'n toneel, 'n vrou, 'n man ontmoet mekaar. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken haar. En as ons vreemdelinge vir mekaar is, dame, is ons? Ons is vreemdelinge. Wees nou net baie eerbiedig.

258 Nou, ek het haar nog nooit gesien nie, ek ken haar nie, dan as die Heilige Gees iets van haar aan my sal openbaar, laat haar die beoordelaar wees of dit reg is of nie.

259 Sy's hier vir 'n geestelike probleem, jy het geestelike probleme. Jy bid vir 'n kind, ook, bid jy nie? 'n Klein dogtertjie met . . . ? . . . slegte oë, nie hier nie. Dis reg. Jy het 'n skoonsuster in die hospitaal. Glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met haar? Sy het longontsteking. En jy glo nou met jou hele hart, gaan, en hê geloof in God, en glo sy sal . . . ? . . .

260 Glo julle met julle hele hart, julle hele hart dat Jesus Christus, die Seun van God, lewe en regeer? Nou, julle moet glo met julle hele hart. Nou, wel, wel, bevredig dit julle begeerte: "Menere, wil ons Jesus graag sien?" Nou, hoe kon ek . . . ?

261 Nou, julle sal moet sê een of ander soort krag doen dit. Nou, as julle dit 'n duiwelsmag wil noem, goed, gaan julle voort, en ontvang daardie beloning. Sien? Maar as julle glo dis Jesus Christus wat net Sy Kerk gebruik, volgens . . . Ek het dit volledig gewys met die Bybel, dat dit God se belofte is. Is dit reg, Eerwaarde? God se belofte. Sien?

262 Luister, die probleem met die Pinkstermense vandag is, te veel van ons, ons het God soveel sien beweeg dat dit—dit alledaags vir ons raak. Sien?

Is dit die volgende persoon? Ek's nie buite myself nie, maar partymaal trek die Gees regdeur die gehoor.

263 So, ek ken jou nie, jy ken my nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. As die Heilige Gees iets aan my kan openbaar wat—wat jy weet of dit waarheid is of nie, kan jy—jy daarvan getuig, of dit

waarheid is of nie. Jy het 'n swakheid, 'n senuweeprobleem. Jy was in 'n hospitaal, en jy ly aan swakheid van daardie operasie, en dit was kanker, en hulle het baie van jou organe uitgehaal, deel van die ingewande, dis SO SPREEK DIE HERE. Glo jy met jou hele hart? Nou kyk, jy weet dat Iets hier jou ken, dat daardie salwing nou op my is, en op jou, laat my hande op jou lê.

Here Jesus, ek vra vir haar genesing, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Gaan nou, moenie twyfel nie. Gaan glo met jou hele hart.

Hê geloof in God. Glo julle met julle hele hart? Hê nou geloof, begin glo.

264 Aangename kennis, Suster? Ek en jy is ook vreemdelinge vir mekaar. Ek het jou nog nooit gesien nie, jy het my nog nooit gesien nie, so hierdie is ons eerste ontmoeting. Myle uitmekaar gebore, jare uitmekaar, die eerste keer wat ons—eerste keer wat ons ontmoet het. Hê nou net geloof, hou net aan glo, moenie twyfel nie.

265 Jy het Hom aangeraak, jou nekprobleem sal jou verlaat, en jy sal reg wees. Glo met jou hele hart, wat daar sit, jou oë afgevee het. Glo met jou hele hart, God sal jou gesond maak.

Wat het sy aangeraak? Sy's dertig voet van my af, sy het Iets aangeraak, sy het die Hoëpriester aangeraak.

266 Die dame wat daar langs jou sit, het probleme met haar oë, sy ly ook aan oogprobleme. Sy met haar hele hart glo, kan sy ook genees word. Amen. Sien?

Hê geloof, en moenie twyfel nie.

267 Jy ly aan hartprobleme, jy het lekkasie van die hart. Glo jy dat God jou daarvan sal genees? Glo jy my as God se profeet, of, Sy dienskneg? Daardie naam laat mense soms struikel. Glo jy dit? Probeer ontslae raak van 'n gewoonte, ook, nie waar nie? Snuiftabak. Jy, wou jy dit nou opgee?

268 Ek beveel jou, duiwel, in die Naam van Jesus Christus, dat jy weggaan van hierdie vrou, los haar uit, in die Naam van Jesus Christus!

Gaan glo, moenie twyfel nie. Glo met jou hele hart.

Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar, God ken ons albei. Is dit reg?

Hou net aan trek in daardie gehoor, daar buite.

269 Ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. Jy's baie jonger as wat ek is, ons is jare uitmekaar gebore, myle uitmekaar, en ons eerste ontmoeting.

270 Nou, dit kan net aangaan deur die nag, sien, maar ek wil hê julle moet julle geloof gevestig kry op God. Dit met hierdie vrou sal gebeur, sal almal van julle glo met julle hele hart? Laat sy die beoordelaar wees.

271 Ek sou sê: "As enigiemand hier vir haar ken," maar sy's nie van hierdie stad nie, sy het van êrens anders af gekom. Dis reg. Maar jy ly aan 'n senuwee-, longprobleem, vroulike probleem. Dis reg. Mev. Olds, wil jy teruggaan huis toe, gesond wees? Gaan op jou pad terug, wees gesond, in die Naam van Jesus Christus.

272 Glo julle met julle hele hart. Glo julle? Laat ons Hom dan net aanbid, en sê: "Vader God, ons dank U vir U vergifnis . . . ? . . . Vader God . . . ? . . . ons dank U as gevolg van U . . . ? . . . in Jesus' Naam."

273 Ons bid dat U die mense sal salf, Here, dat hulle U mag ken as die ware en lewende God. Ons dank U, in Jesus' Naam. Amen.

274 Goed. Wat as ek gesê het jy is genees, wat daar in die stoel sit? Sal jy my glo? Goed. Gaan dan maar uit, en jou hart sal jou nie meer pla nie, jy kan genees word.

275 Jy het dieselfde ding. Glo jy dat God jou hart sal genees, en jou ook gesond sal maak? As jy . . . As jy kan glo met jou hele hart, gaan dan op jou pad, sê: "Dank U, Here Jesus," en glo met jou hele hart.

Goed. Gaan eet nou jou aandete, jou maagprobleem het jou verlaat, so gaan net aan.

Glo julle met julle hele hart . . . ? . . . Maak nie saak—maak nie saak wat met julle verkeerd is nie, hê net geloof in God.

276 Het 'n senuweeagtige maag, maar God sal jou gesond maak as jy dit sal glo. Sal jy glo met jou hele hart? Gaan op jou pad, en sê: "Dankie, Here."

Jy sal nooit kreupel wees met artritis as jy God sal vra om jou gesond te maak nie. Gaan aan, glo. God seën jou.

277 Glo julle met julle hele hart, almal? God bly steeds . . . Wat van julle mense daar buite sonder gebedskaartjies? Glo julle? God is God, is Hy nie?

278 Wat sê jy daar oorkant, kêrel? Wil jy daardie sigarette opgee en ophou rook? Steek jou hand op, en prys God. Hulle sal jou nie meer pla nie.

279 Wat daar reg langs hom sit, is daar 'n vrou aan hierdie kant, wat na my kyk, met brongitis. Glo jy dat God jou daarvan sal genees, dame? Glo jy met jou hele hart? Steek jou hand op, en sê: "Ek aanvaar dit."

280 Goed, daar het julle dit. Wat het sy aangeraak? Wat het hulle aangeraak? Hulle het die Meester aangeraak, nie ek nie. Party van die res van julle, wil julle glo?

Hierdie dame wat net hier sit met 'n allergie, glo jy dat God jou sal gesond maak, Suster? Goed, steek jou hand op, word gesond gemaak.

281 Die dame wat daar sit en kyk na my hier, met hierdie groot pers hoed op, wat daar agter ly aan aambeie, glo jy dat God jou

sal gesond maak, dame? Staan op jou voete as dit reg is. Jou man wat daar reg langs jou sit, ly aan geestesdepressie. Staan op jou voete, broer, en aanvaar jou genesing. God sal jou gesond maak.

282 Glo julle, elkeen van julle? "Menere, ons wil Jesus graag sien." Sien julle wat ek bedoel? Daardie was mense sonder gebedskaartjies. Hy's hier om te genees, is Hy nie? Nou, as julle glo God se Woord is waar, Markus 16 het dit gesê (Hoeveel van julle is gelowiges? Steek nou julle hande op.), Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Is dit reg? Het Hy dit gesê? Wel, as julle gelowiges is, lê julle hande op mekaar, sit julle hande op mekaar.

283 Dit is die tyd vir die duiwel om verslaan te word, net hier, elke persoon kan genees word. Lê julle hande oorkant op mekaar. Bid vir die kêrel waarop jy jou hande het. Julle hier in die gebedsry lê julle hande oorkant op mekaar. Gaan glo. Glo met jou hele hart.

284 Nou, elkeen, elkeen, net terwyl die Heilige Gees nou in die gebou beweeg, luister na my, as ek julle die waarheid hier vertel het, en God het bevestig ek vertel julle die waarheid, julle is elkeen genees, julle is genees vandat Jesus gesterf het vir julle genesing.

285 Nou, lê julle hande op mekaar. Moenie vir jouself bid nie, maar bid vir die een waarop jy jou hande het. Sit julle hande nou oorkant op mekaar.

286 Nou, sê julle hierdie gebed agter my aan: "Here, ek glo! Ek glo dat hierdie persoon op wie ek my hande lê, genees sal word. O Here God, Skepper van hemel en aarde, Bewerker van Ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe!"

287 Satan, ek bestraf jou, kom uit hulle uit in die Naam van Jesus Christus!

61-0118 Jesus Christus Dieselfde
Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid

Amerikaanse Legioen Saal

Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org